Portugese beantwoord egter hulle saluutskote nie, en weldra blyk dit dat die kommandant van Lourenço Marques, ofskoon hy hulle vriendelik ontvang en behandel, skrikkerig vir die klompie boere is, en hulle geweers op-eis. Dit was 'n harde slag, en daar was groot onenigheid. Iemand moes afgevaardig word om met die kommandant oor die saak te praat. „Zei Pretorius, dat niemand voor hem spreken hoef, dat hij voor hem zelfs spreken zal.... hij is baas van zijn zelven." Louis Trigardt paai wat hy kan, maar dit help niks; Pretorius bly halsstarrig; en dan kom Carolus, Louis Trigardt se seun, met 'n profetiese woord uit. „Daarop zei Carolus, dat het de Africaander zijn ongeluk is, als hij wat beginnen wil, dat alle maal haar eige baas wesen wil; dat door die weg alles verkeerd komd." Al die gestry van Pretorius help die saak natuurlik nie aan nie, en die geweers moes oorgelewer word. Karel (Carolus) Trigardt gee met hierdie woorde syne af: „Dit doen my leed dat julle my geweer prisenier maak en nie vir my daarby nie;" en hierdie kragtige en moedige jong pionier bars in trane uit. Die Trekkers kry egter later hulle geweers terug, maar die vreugde daaroor was kort.

Reeds op pad deur die laeveld was daar gevalle van koors onder hulle, maar niemand het daaraan beswyk nie. Nou dat hulle eindelik veilig by die vriendelike Portugese was, het die koorsvyand sy slagoffers geëis. Ook Louis Trigardt se vrou, met wie hy soveel deurgestaan het, lê weldra, liefderyk deur 'n Portugese dame in haar huis verpleeg, met die dood te worstel, en op 1 Mei 1838 sterf sy. Op dié dag teken haar man aan: „De morgen toen de haan kraaij stond ik op, om te zien of ik niet iets te horen kon komen hoe mijn lieve vrouw gesteld mag wesen, maar dat was alles stil in de huis; ging ik weer leggen. Maar kon niet slapen, is ik weer op gestaan met de tweede hane kraaij, was het nog niet dag; heb ik met ongedult de tyd afgewagt dat de juffr. haar deur open mog maken. Ik steurde Carolus om aan te kloppen en na zijn moeder haar toestand te vernemen. Hij kwam terug, en zei dat zijn moeder redelik is maar zeer zwak. Ik ging ten eersten na haar kamer, en zei haar Goede morgen. Zij sprak zoo sag dat ik bijna niet verstaan kon wat zij zei! Ik vraag haar, of mijn lieve vrouwe mijn kende; zij antwoorde, of zij mijn dan niet kennen zouw. Maar zoo belemmert dat ik bijna niet verstaan kon wat zij sprak.

Toen zag ik dat mijn gevoelen maar al te waar gegrond was! Dat ik haar niet weer met gezontheid zien zouw! Van die ogenblik nam de droefheid zodanig de overhand op mijn,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dat ik niet wis wat ik deet of spreken zouw. De kinders weende met mijn, het welk mijn nog meer en meer mijn beswaarde gemoed bedroefde. Ik nam afschijd van haar voor dit leven, maar dagte haar in de huis des hemelschen Vaders weer te zien, en klaagte bij Hem niet, maar bid dat hij mijn tot hulp mag komen. De wille des Heeren moet geschieden, en alle ons moeite en sorg was te vergeefs.

Omtrind elf uur nam de Allemachtige God haar weg! Met vaste vertrouwen in........ (onleesbaar) ik ben! Dat mijn waarde en teer beminde lijf een salige verwisseling gedaan heb. Egter ken ik mijn niet troosten. De droefheid overstelp mijn zodanig, dat ik bijna buiten mijn kennis raakte. De heer en jufr. trooste mijn, maar voor mijn is geen troos op aarde.

Ik had Carolus een kist laate maken vóór haar doot, toen ik zag dat daar voor haar weinig hoop was. De avond was het klaar. Jan Pretorius had de volk late versoeken hem te helpen. Mijn Liefste en Dierbaar pand wierd van mijn voor Eewig genomen.''

Nog net één aantekening is daar in die dagboek: „1838, Aougust den 10de; had ik een stille verjaarsdag, dog zal daaraan gedenken;'' en vóór die end van die jaar beswyk ook Louis Trigardt aan die koors. Van sy 46 reisgenote het eindelik net 26 oorgebly. Daarvan het 25 in Julie 1839 per skip na Natal gegaan. Die 26ste was Karel Trigardt. Betreklik ruim van geld voorsien, die opbrengs van 'n groot voorraad olifantstande, kon Louis Trigardt dit bekostig om sy seun met negosieware uit te rus en hom verder langs die kus op te stuur om na 'n geskikte woonplek vir die Voortrekkers te soek, en Karel, wat oor die verlies van sy geweer gehuil en by die sterfbed van sy moeder saam met sy vader en broers sit en snik het, maar wie se manlike hart geen vrees geken het nie, het vinger-alleen onder barbare en vreemdelinge 'n awentuurlike tog per skip en oorland tot aan die grens van Abessienië voltooi, en was, volgens sy bewering, die eerste witman wat die Victoria-waterval gesien het.

Na sy terugkeer in Lourenço Marques in 1840 het hy sy onvermoeide skrede suidwaarts gewend, was 'n ooggetuie van die laaste neerlaag en die dood van die gevlugte Soeloe-tiran, Dingaan, onder die Swasies, en bereik eindelik sy volksgenote in die mooi kusland, wat hulle met hulle bloed gekoop het. 'n Ooggetuie vertel daarvan: „Op 'n dag toe grootvader na Durban toe was, sien ons opeens tot ons groot ontsteltenis 'n klomp Soeloe-kaffers met pakosse aankom. Hulle lei die osse aan die neus, wat ons nog nie tevore gesien het nie. Ons is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

egter gerusgestel deur die aanwesigheid by hulle van 'n witman wat te perd vooruit ry; en toe hulle nader kom, sien ons dat dit die lang verlore oom Carl Trigardt was — uitgeteer van die disenterie en koper-geel van die koors, wat hom al só dikwels aangetas het. Die Kaffers by hom was 'n paar Soeloewegwysers, Knopneuse en Masbiekers, wat vlieg om sy geringste bevele uit te voer. Veertien dae het hy by die Landmans gebly om uit te rus en sterker te word. Hy het allerlei aardighede uit die Ooste meegebring, soos fyn porseleine koppies en pierings ens.''

„En alle ons moeite en sorg was te vergeefs,'' het Louis Trigardt oor die lyk van sy vrou uitgeroep; maar dit was nie so nie. Van ons volksepos wat ons die Groot Trek noem, vorm die Trigardt-Van-Rensburg-Trek die roerende inleiding, en solank soos 'n nasie uit die opofferings en heldhaftige dade van sy voorsate krag put, sal die lang lydensgeskiedenis van hierdie pioniers vir Suid-Afrika van waarde wees. Ook Trigardt en sy reisgenote het „op eenvoudige wyse groot dinge tot stand help bring;'' en hy het op slot van sake vir Potgieter die weg na die noorde gebaan en by hom die besluit bevestig om noord van die Vaalrivier, en nêrens anders nie, die beloofde land te soek.

Andries Hendrik Potgieter bereik nog vroeg in 1836 met sy mense Thabanstjoe. Onder hulle was Sarel Cilliers; en 'n jong seun, met donker oë en rats bene, het ook geluister wanneer die vrome Godsman, sterk in die onvervalste leer van Geus en Hugenoot, sy reisgenote oproep om in die tempel van die wye veld, deur die uitspansel oorwulf, hulle hoofde voor die Almagtige te buig, en later ook wanneer hy as Vegsman die bevele van sy hoofkommandant verkondig en sy manne in die stryd voorgegaan het. Die seun se naam was Paul Kruger.

In die nabyheid van die Vetrivier kom die Bataoeng-hoof, Makwana, die trekkers tegemoet. Hy was verheug om hulle te sien, want hier was eindelik beskerming teen die wrede Matabeles wat reeds byna sy hele stam uitgemoor het. Met groot bereidwilligheid verruil hy dan ook die land tussen die Vet- en Vaalriviere aan Potgieter vir 'n trop vee en die versekering dat die boere hom onder hulle proteksie sou neem. Hier was nou eindelik 'n gebied wat die Trekkers met reg hulle eie kon noem, maar Potgieter was tog nie van plan om hier te bly nie, altans nie voordat hy „die voorste mense'' anderkant die Vaalrivier opgesoek en die wêreld daar in oënskou geneem het nie. Met 'n verkenningsgeselskap gaan hy dus verder, staan in Junie 1836 in Soutpansberg by Louis Trigardt, trek oor die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Limpoporivier tot by die Matoppos, ontmoet Portugese handelaars wat hom die versekering gee dat Lourenço Marques vir die noordelike binneland 'n geskikte in- en uitvoerhawe is, en word versterk in sy besluit om hom met sy mense noord van die Vaal te vestig. Hoe verder van die Engelse, des te beter, het hy gemeen.

In die tussentyd versprei sy agtergelate volgelinge hul met hul vee oor die mooi streek wat nou hul eie was; en heerlik was die lewe daar. Vryheid en ruimte, volop gras en water, alle soorte van wild in duisendtalle — wat was daar nog om oor besorg te wees? Veral vir die jagter was dit 'n paradys, en Voortrekker en jagter is sinoniem. Maar daar was 'n wending toe die jagters gevaarliker wild gekry het, as wat hulle verwag het; want 'n jagparty onder Erasmus wat met vyf waens oor die Vaalrivier gegaan het, is deur die Matabeles aangeval en tot op twee na uitgemoor. Die agterste mense word gewaarsku en trek 'n laer by wat later Vegkop genoem is, maar nie voordat nog 'n klompie onder die asgaaisteke van 'n Matabele-iempie gesterf het nie. So vind Potgieter die toestand, toe hy in September uit die noorde terugkom, en kort daarna, in Oktober, moes Vegkoplaer, waar daar slegs 40 weerbare manne was, 'n gevaarlike aanval van 6,000 Matabeles ander Kaliepie, die beste veldheer van die Matabele-koning, verduur. Dit was die eerste veldslag tussen die Voortrekkers en die Kaffers, en in sy taktiek tiepies van baie wat gevolg het. Die kommando het die vyand tegemoet gery; die Kaffers storm in halfmaan-formasie om die boere in te sluit; Cilliers en sy manne skiet die punte van die twee horings weg, retireer vinnig teperd, spring weer af en skiet totdat die vyand te naby is, en val so terug agter die waens. Nou volg die woeste aanval van die Matabeles op die laer, en almal wat daarin is, veg saam. So kry ook Paul Kruger sy vuurdoop. Eindelik word die Kaffers afgeslaan, en minimaal was die verlies aan die kant van die boere, nl. twee gesneuwel, maar al hul vee was hulle kwyt. Al te saam het die botsing met die Matabeles tot op hierdie tydstip die dood van 20 blankes en 26 kleurlingbediendes en die verlies van 100 perde, 4,600 beeste en 50,000 skape vir die Voortrekkers gekos.

Die toestand was ernstig, en Potgieter wou met sy mense alleen die groot stryd met die magtige vyand in die noorde nie verder voer nie. Dat die Matabeles, wat sonder die minste prowokasie hulle aanvalle begin het, gestraf moes word, was duidelik, want anders sou daar geen rus en veiligheid vir die Trekkers wees nie; maar die afrekening moes uitgestel word,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en Potgieter en sy mense val terug in die rigting van Thabantsjoe. Hier daag toe juis teen die end van 1836 Gert Maritz met sy Graaff-Reinetters op. Van die groot samekoms wat daar plaasgevind het en die konstitusionele reëlings wat daar getref is, praat ons later. Vir ons is voorlopig alleen van betekenis, dat Maritz en Potgieter ooreengekom het om 'n strafekspediesie teen Silkaats, die Matabele-koning, aan te voer. 'n Kommando van omtrent 100 burgers met 'n aantal Griekwas en Barolongs bereik in Januarie 1837 Mosega, die koninklike Matabelestad, verslaan die vyand met gemak, steek die stad aan brand en keer met 'n buit van 7,000 beeste terug. Ook drie sendelinge wat hier werksaam was, gebruik die geleentheid om onder die geleide van die kommando die land van die Matabeles te verlaat. Daaronder was Lindley, wat hom by die Trekkers aangesluit het en hulle eerste predikant geword het.

Nou, sou 'n mens meen, was daar rede om hoopvol te wees. 'n Swak kommando het die gevreesde Matabeles 'n gedugte neerlaag besorg, en die toenemende getalle van die Trekkers moes 'n waarborg gewees het dat daar in die binneland weldra 'n boerestaat geskep sou word, kragtig genoeg om teen alle gevare bestand te wees. Piet Retief met sy geharde grensboere was al op pad, en Uys, wat na sy aankoms 3,000 koloniste noord van die Oranjerivier sou tel, het ook op vertrek gestaan. En tog was daar minder tekens van opgewekte blymoedigheid onder die Trekkers by Thabantsjoe en die Caledonrivier, as 'n mens sou verwag het. Onderlinge tweedrag het die gemoedere verbitter; die gevaar wat Karel Trigardt later voorspel het, was aanwesig. Nog somberder sou die geestesstemming gewees het, as iemand daar die lang lydensweg wat voorgelê het, kon gesien het, en die mag van die iempies van Dingaan.

## § 3. Die Soeloes.

Die Voortrekkers het noord van die Oranjerivier 'n leë land gekry, maar dit was leeg gemoor en geplunder. Dit was 'n voorteken van die twee barbaarse grootmagte, waarmee hulle op weg na die Vryheid en die See in aanraking sou kom. Met die één het hulle reeds hul krag gemeet, en ons het nie die indruk gekry dat Silkaats op die duur 'n groot gevaar vir hulle sal wees nie. Ons laat hom dan ook voorlopig maar links lê om met des te meer belangstelling die mag van Dingaan te beskou.

Die opkoms van die Soeloes is 'n merkwaardige voorbeeld van wat militêre genie onder die Bantoe kan uitrig. In die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

begin van die neëntiende eeu was hulle 'n onbeduidende stammetjie onder die opperheerskappy van Jobe, hoofkaptein van die Oemtetwa, die sterkste Kafferstam in die Natalse gebied destyds. Jobe hoor dat één van sy seuns, Ngodongwa, hom wil vermoor en stuur 'n afdeling soldate om hom dood te maak. Ngodongwa ontkom, alhoewel hy swaar in die rug deur 'n asgaai gewond was, en nou begin sy swerwerslewe, wat hom later die naam Dingiswajo (die swerwer) laat aanneem het. Sy vlug na die suidweste toe voer hom tot in Uitenhage, en by Fort-Frederick sien hy hoe die wit soldate geoefen word. Hy kry 'n idee van militêre organisasie en dissipliene, en toe sy vader sterf, keer hy terug na sy mense, bring sy broer, wat in sy afwesigheid Jobe se opvolger geword het, om die lewe, en word die erkende hoof van die groot Oemtetwastam. Nou pas hy die kennis wat hy onder die blankes opgedaan het, in sy land toe. Hy verdeel sy soldate in vaste resjimente, stel offisiere oor hulle aan en oefen hulle onder strenge tug in die kuns om oorlog te maak. Onder die indruk dat die wit soldate ongetroud was, laat hy ook sy jong Kaffers nie toe om meide te neem, voordat hulle hul spore as krygsmanne verdien het nie.

Dingiswajo se nuwe vegmasjien het reeds 'n mag in die land geword, maar 'n groter een as hy sou die ontsettende moontlikhede wat daarin was, ontdek en uitbuit. Dit was Tsjaka, 'n seun van een van die bywywe van Sensangakona, die kaptein van die Soeloes. Tsjaka raak in onguns by sy vader en vlug na Dingiswajo, by wie hy in diens tree as soldaat. As gevolg van sy buitengewone liggaamlike krag en behendigheid en sy onverskrokkenheid en vlugheid van gees, maak hy vinnig opgang. As sanger en held verwerf hy 'n groot naam onder die Oemtetwa, en hy word een van die invloedrykste indoenas van Dingiswajo. Omtrent die jaar 1810 sterf Sensangkona, en ofskoon hy wettige seuns soos Dingaan en Panda had, was Tsjaka reeds 'n man van soveel betekenis en invloed dat hy sonder weerstand hoof van die Soeloes geword het. Kort hierna word Dingiswajo deur 'n vyandelike hoof, Swiede, gevang en vermoor, en Tsjaka bring ook die Oemtetwa onder sy heerskappy en beskik so oor 50,000 weerbare manne.

Nou begin sy groot loopbaan eintlik. Hy lyf nog steeds meer stamme by die Soeloes in, verbeter die militêre tegniek van sy voorganger en skep die doeltreffendste militêre organisasie wat die Bantoe nog ooit geken het. Hy laat sy soldate nie toe om te trou nie, konsentreer hulle in groot militêre krale, waar die resjimente onder verskillende onderskeidingstekens



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gereeld geëkserseer word, en besiel hulle met die één gedagte dat oorlogmaak hulle roeping is. Hy oortuig hulle dat die ou manier om die vyand van 'n afstand met werpasgaaie aan te val, nie deug nie, wapen hulle met kort steekasgaaie en leer hulle om in orderlike slagformasie daarmee storm te loop. So bring hy die gevreesde Soeloe-iempie tot perfeksie. In halfmaanvorm, of liewer soos 'n kwaai Afrikanerbul met wye horings, magtige kop en swaar skof, trek dit teen die vyand los. Aan weerskante op die vleuels kom die jong „Penkop"-resjimente, wat hulle spore moet verdien en vinnig moet storm om die vyand in te sluit; in die middel beur die onbreekbare kop van die bul, bestaande uit geoefende krygsmanne, vorentoe, en agter hulle aan kom nog meer en ouer „Ringkop"-veterane. Onweerstaanbaar was so 'n iempie van Tsjaka, ook omdat daar vir lafaards in sy sisteem geen genade was nie; na 'n geveg is hulle eenvoudig vankant gemaak, en 'n resjiment wat 'n gegewe opdrag nie uitvoer nie, het na 'n gewisse dood teruggekeer. Vir die vyand was daar nog minder genade — man, vrou en kind, almal is uitgemoor.

Tsjaka se geringste woord of aanduiding was wet, en hy het in bloed geswelg. Met 'n enkele handbeweging het hy 'n verdagte gevonnis, 'n hele resjiment aan die beuls oorgelewer, of 'n kraal laat uitdelg. Binnekort was al die stamme in Natal en Soeloeland aan hom onderwerp, en tot ver oor die Drakensberge, ja tot oor die Limpoporivier, het die skrik van sy naam deurgedring en sy iempies verwoesting gebring. Hoeveel Kaffers onder die steekasgaaie van die Soeloes gesterf het, of in die groot streke wat hulle leeg geplunder het, van honger omgekom het, sal ons nooit weet nie, maar hulle getalle moet in honderdduisende uitgedruk word. Nog nooit het die dood sulke ryk oeste in Suid-Afrika ingesamel nie as toe die Soeloeleërs, somtyds 20,000 man sterk en somtyds veel groter, die land van die Oemsimwoeboe tot aan die Limpopo „opgeëet" het, en in Soeloeland self het ook strome van bloed gevloei. Tiepies was die slagting wat by geleentheid van die dood van Nandie, die moeder van Tsjaka, in 1826 plaasgevind het. Om die gees van „die groot Wyfie-Olifant" te kalmeer en op sy eie bedroefde gemoed balsem te giet, het haar deugsame seun die 40,000 mense, wat in die stad saamgestroom het, 'n onderlinge moordparty op groot skaal laat hou. 'n Hele nag lank het hulle as roubetoon aanhoudende jammerklagte aangehef, en het die sterkes die swakkes oorval, sodat die gees van Nandie met 'n gevolg van 7,000 siele onder die geeste van haar vadere kon verskyn.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Tsjaka se arm was lank en sterk, en as een van sy generaals selfs anderkant die berge sy bevele nie stiptelik uitvoer nie, was hy sy lewe nie meer seker nie. Dit moes o.a. Silkaats ondervind. Hy het 'n deel van die vee wat hy buitgemaak het agtergehou, en omstreeks 1824 stuur Tsjaka 'n iempie oor die Drakensberge om hom „op te eet." Silkaats het tydig hiervan te hore gekom en met sy leër op die vlug gegaan. Hy slaan eers 'n suidelike rigting in en probeer om hom tussen die berge van Basoetoeland te vestig. Hier was Mosjes egter reeds besig om die oorblyfsels van verowerde stamme by sy eie in te lyf en 'n sterk volk op te bou. Silkaats maak 'n aanval op Thaba-Bosigo, die bergvesting van die Basoetoehoof, maar word verslaan, en Mosjes lewer 'n bewys van sy diplomatiese kuns, deur die wegtrekkende Matabeles 'n aantal vet beeste agterna te stuur met die boodskap: „Mosjes bring sy groete; en in die veronderstelling dat die honger vir julle in sy land gebring het, stuur hy julle hierdie beeste, sodat julle padkos huistoe kan hê."

Silkaats begeef hom nou oor die Vaalrivier en op dieselfde manier soos Tsjaka hou hy huis onder die stamme wat in Beetsjoeanaland en die teenswoordige westelike Vrystaat en Transvaal woonagtig was. Hy was hier veilig, want deur die verwoeste gebied wat tussen hom en Tsjaka wyd-uitgestrek gelê het, sou die Soeloeleërs nie deurdring nie. Ontsettende tonele moes hulle in ons noordelike binneland afgespeel het. Kort tevore het 'n verskriklike horde uit die noorde afkomstig, die Mantatees, soos 'n verterende vuur daar deurgetrek, en die Matabeles het hulle vernietigingswerk voltooi. Geen wonder dat die eerste sendelingpioniers dit raadsaam geag het om met die kommando van Potgieter en Maritz hierdie streke te verlaat nie! Wonderlik daarenteen dat die Britse regering die oortuiging gehuldig het dat ook met die Bantoe, wat tot sulke uiterstes van wreedheid en vernietiging kon oorgaan, 'n politiek van verdrae moes gevolg word — om rus en vrede te waarborg!

Stockenström was in 1837 op die oosgrens van die Kaapkolonie besig om met die Rarabe-hoofde verdrae te sluit, wat hulle tot die getroue bondgenote van Engeland moes maak, en in 1836 het 'n ekspediesie onder dr. Andrew Smith soortgelyke werk noord van die Oranjerivier gedaan. Eers met Mosjes en ander hoofde in sy omgewing is sulke ooreenkomste getref, en daarna het dr. Smith vir Silkaats in Mosega opgesoek en 'n verdrag, wat in Maart 1836 deur sir Benjamon D'Urban onderteken is, met hom tot stand gebring. In welke gees die Matabe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lekoning dit aangegaan het, blyk uit die volgende uittreksels uit 'n brief wat hy in Julie 1836 aan die Kaapse goewerneur laat skryf het: „He (Silkaats) desires to thank you for all your kindness to them (die indoena en sy gevolg wat na Kaapstad gegaan het om namens Silkaats die verdrag te bekragtig); he desires also to thank you for the good food with which you were so kind to provide them, also for your condescension in manifesting your friendship by taking them by the hand. And especially for your magnificent present of a wagon to him is his heart filled with gratitude to your Excellency. The king Moselekatse humbly asks of your Excellency that inasmuch as he is now *English,* that it would please your Excellency to give tin ware (such as he shows me), viz. tin pitchers for containing water and milk, tin jugs such as painters keep linseed oil in, tin coffee pot, etc. He further asks of your Excellency clothes for himself and children, inasmuch *as he is now English.* He further asks that it would please your Excellency to present him with more of those crimson net-work sashes of the same kind that you were so kind to present him. He further asks of your Excellency a plaid cloth. He further asks of your Excellency beads, of a flesh colour and also of blue colour, large size, also hats he wishes your Excellency to give him.... He further asks of your Excellency imitation coral beads and copper finger rings. He expresses much pleasure at the beads and brass chains that you have sent, and requests more at the hands of your Excellency, also he requests more teapots. He further requests of your Excellency cloaks and pantaloons like those you have already given him.''

Silkaats wou dus uit die Engelse bondgenootskap soveel voordele trek as moontlik; en terwyl hy op 'n gunstige antwoord op sy inventarisbrief wag, stuur hy sy iempies om die Voortrekkers te vermoor ten einde ook hulle besittings deelagtig te word.

Maar ons moet na Tsjaka terugkeer. Ook hy het in sy tyd verdrae gesluit. Port-Natal is dikwels deur handelaars besoek, en sedert 1824 was 'n vyftal Engelse, nl. luitenant Farewell, Fynn, John Cane, Henry Ogle en 'n seun, Thomas Halstead, daar vir handelsdoeleindes gevestig, later ook ander, b.v. 'n skeepsoffisier, King. Met Farewell het Tsjaka in Augustus 1824 'n verdrag gesluit en die hawe van Natal „with the surrounding country'' aan hom afgestaan, maar die waarde van hierdie skriftelike oordrag was taamlik twyfelagtig, aangesien die Soeloekoning in Februarie 1828 dieselfde grond op dieselfde manier ook aan King verruil het. Die Engelse het in elk geval die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

reg om by Port-Natal te woon verkry, en hulle het feitlik soos Kafferkapteins oor die naturelle in hulle omgewing geheers.

In September 1828 is Tsjaka deur sy stiefbroers en 'n klompie ander samesweerders vermoor, en Dingaan het hom opgevolg en sy wrede en despotieke politiek voortgesit. Oemkoengoenhlovoe, „die plek waar die olifant brul,'' was die stad van die nuwe koning, en kort daarby op die koppie Hlomoamaboetoe, het weldra mensebene in hope verbleek en die aasvoëls se kosvoorraad nie opgehou nie. Oemkoengoenhlovoe was 'n militêre kraal wat 20,000 soldate kon huisves. Die res van die ontsaglike Soeloeleërs was in soortgelyke krale oor Soeloeland versprei. Ons sal oor die wreedhede en militêre ondernemings van Dingaan egter nie verder uitwei nie. Dis genoeg om te sê dat hulle voorlopig nie teen die blankes gerig was nie. Met die Engelse aan die Natalse kus het hy goed oorweg gekom; hulle was vir hom nuttig, want hulle kon hom van artiekels voorsien soos dié wat Silkaats soveel sin in had. Ook sendelinge het hy eindelik toegang tot sy land gegee. Hulle was onder die leiding van 'n skeepskaptein, Gardiner, wat in Augustus 1834 uit Engeland aan die Kaap aangekom en met dr. Philip se seën die reis na Natal oor land afgelê het. In die begin van 1835 bereik Gardiner Oemkoengoenhlovoe, maar Dingaan wil net oor geskenke praat. Die vrome kaptein keer teleurgesteld na Port-Natal terug, maar op 'n twede besoek aan die koninklike hoofstad bereik hy sy doel. Hy verskyn in volle Hooglander-offisiers-uniform voor Dingaan en bring hom allerlei geskenke, en op 6 Mei 1835 sluit hulle 'n ooreenkoms. Die Engelse okkupasie van Natal is verder gewaarborg, en Gardiner onderneem namens die blankes by Port-Natal om vlugtelinge wat onder hulle beskerming kom soek aan Dingaan oor te lewer. Hy voer ook sy belofte uit, want twee weke later laat hy twee voortvlugtige meide en 'n mans-Kaffer vang en neem hulle persoonlik na Kongella, waar die Soeloekoning toe vertoef het. Hy het gevrees dat die ergste met hulle sou gebeur, en op die pad het hy aan hulle siele gearbei. Sy vermoede was reg, want Dingaan het die arme skepsels die hongerdood laat sterf; maar Gardiner kon van sy standpunt uit tevrede wees. Die koning het gesê: „Nou sien ons dat jy regtig tot die Soeloes behoort''; en die sendelingleier kon na Port-Natal terugkeer, met die versekering dat Soeloeland vir die verkondigers van die Evangelie van Liefde oop was — en met die handboeie, waarmee die eerste uitgelewerde vlugtelinge verseker was, „omdat dit nodig kon wees vir ander weglopers.'' In Junie 1836 stig hy dan met die sowat veertig Engelse bewoners



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die kusstreek 'n stad wat hulle Durban genoem het, en hy laat ook 'n petiesie aan die Kaapse goewerneur en die Britse regering opstel om die land tussen die Toegela en die Oemsimwoeboe, wat slegs deur 3,000 naturelle onder blanke heerskappy bewoon was, te annekseer.

Gardiner gaan kort daarna na Engeland om vir die anneksasie te pleit en 'n sendeling vir die Soeloehoofstad te haal. Daar was reeds 'n aantal Amerikaanse sendelinge wat na sy bedrywigheid toegang tot Soeloeland gekry het, maar hy wou blykbaar die belangrikste strategiese punt nie aan hulle gee nie, en in Augustus 1837 was hy uit Engeland terug in Oemkoengoenhlovoe met sy eie uitgesogte man, Owen. Hy besit ook nou 'n hoër waardigheid. Ofskoon die Britse regering van geen uitbreiding van sy gebied in Suid-Afrika wou hoor nie, het Glenelg dit nodig geag om, met die oog op die wreedhede wat hy van die uitgeweke boere verwag het, 'n wet te laat maak, waarvolgens dit moontlik was om Britse onderdane oorkant die grense van die Kaapkolonie te arresteer vir misdade daar gepleeg, om hulle voor die koloniale howe te bring en om magistrate, wat die oog op hulle kon hou, in ongeannekseerde gebied aan te stel. Onder hierdie „Cape of Good Hope Punishment Act" van Augustus 1936 het kaptein Gardiner magistraat in Durban geword, en sy hoofopdrag was om toe te sien dat die naturelle en die Voortrekkers geen gewere en ammuniesie uit Natal kry nie. Die Engelse handelaars en Kafferkapteins het hulle egter nie aan sy gesag gesteur nie. Met 'n politiek wat hulle as Britse onderdane wou straf, maar nie verdedig nie, was hulle nie gedien nie, en Gardiner was nie die man wat hulle as hoof wou hê nie.

Ons is nou ver genoeg gevorder in ons bespreking van die aangeleenthede noord van die Oranjerivier en die Oemsimwoeboe om die Voortrekkers op hulle verdere togte te volg; maar aangesien die Soeloes so 'n belangrike rol in die geskiedenis van die Trek speel, wil ons nog net op die volgende punte in verband met hulle wys. Die militêre tirannie wat Tsjaka geskep en Dingaan voortgeplant het, was 'n abnormale verskynsel onder die Bantoe. Hulle regeringstelsel het van die vroegste tye af 'n sterk demokratiese grondslag gehad, en die Kaffer is trots en selfstandig van inbors. Die hoofde het in die reël nie oor 'n absolute regeringsmag beskik nie. Hulle moes hulle indoenas raadpleeg, en met die wense en opienies van hulle onderdane, wat op volksvergaderings vry die woord gevoer het, moes hulle gedurig rekening hou. Ook aan die hofsittings kon die hele volk deelneem, en wanneer die koning of een van die indoenas einde-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

lik uitspraak doen, was sy bevinding ook dié van die meerderheid. Die gevaar dat 'n deel van 'n stam hom onder 'n nuwe hoof afskei, was altyd aanwesig en het 'n regerende hoof versigtig gemaak om nie die wil van sy volk te minag nie, en buitendien kon 'n hoof alleen in samewerking met sy onderdane sy bevele tot uitvoering bring, omdat hy nie oor 'n poliesiemag of 'n staande leër beskik het nie. En hier het ons nou die rede, waarom Tsjaka en Dingaan absolute mag gekry het; dit het op die fondament van 'n staande leër berus; maar dit was 'n onvaste fondament. Solank soos daar stamme was „om op te eet,'' kon die Soeloeleërs gevoed en die militêre outokrasie van die Soeloekonings gehandhaaf word, maar die tyd moes onvermydelik weer kom, wanneer die Soeloes vir hulle bestaan alleen op hulle eie veestapel en tuine sou aangewys wees, en dan sou die onnatuurlike tirannie van die koning sy end gekry het. 'n Paar asgaaisteke sou genoeg gewees het om die dwingeland te verwyder. Deur 'n wonderlike sameloop van omstandighede het die Voortrekkers met die Soeloes in aanraking gekom, toe hulle op 'n buitengewone manier vir militêre doeleindes georganiseer was, en toe Dingaan met 'n enkele woord sy tienduisende teen hulle kon gooi. Geweldig was dus die taak wat vir hulle voorgelê het; maar daar was vir hulle ook dié voordele aan die Soeloegevaar verbind, nl. dat dit groot streke vir hulle leeggemaak het, dat hulle deur 'n paar oorwinnings die hele vyandelike magte kon verpletter, en dat hulle nie as veroweraars nie, maar as redders en weldoeners die verwoeste streke tussen die Oranje en die Limpopo en tussen die Toegela en die Oemsimwoeboe ingetrek het.

## § 4. Die Trekkers bymekaar — by die Uitdraaipad.

Na die terugkeer van die kommando teen Mosega het die stryd tussen Potgieter en Maritz baie bitter geword. Die grondoorsaak van die wrywing was waarskynlik Potgieter se onafhanklike houding ten opsigte van die ander leiers. Hy wou sy eie koers gaan, en dit was noordwaarts, oor die Vaalrivier, op die spoor van Louis Trigardt. Buitendien is daar in Desember by Thabantsjoe konstitusionele reëlings getref, waarvan ons ondergeskikte posiesie gestel het, en ofskoon Potgieter 'n taamlik besadigde karakter had, was hy nooit bereid om sy regte as leier van sy eie trek van buite af te laat inkort nie. Dis ook twyfelagtig of Maritz die teoretiese voorrang wat hy gekry het,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

verdien het. Hy was wel 'n vermoënde man met 'n goeie verstand; in Graaff-Reinet het hy 'n groot wamakersbesigheid gehad, en in sy groot reisgeselskap (100 waens) het hy veel aansien geniet; maar op militêre gebied kon hy nie op een lyn met Potgieter gestel word nie. Ook kerklike aangeleenthede het tot die wrywing bygedra. Die Eerwaarde Erasmus Smit, wat sy swaar Gert Maritz vergesel het, en uit hoofde van sy beroep as sendeling-evangelis aanspraak daarop gemaak het om die godsdienstige leier van die Voortrekkers te wees, was baie gebelg, omdat die sendelinge uit Mosega dienste sonder sy goedkeuring gehou het. Sy beroemde dagboek is vol daarvan.

Hoe die hele saak ook inmekaar mag gesit het, Potgieter verwyder hom van Maritz en begeef hom met sy mense na die Vetrivier, waar hulle Winburg stig. Ook die deelnemers aan Maritz se trek versprei hulle langs die Caledonrivier en na die noorde toe, want hulle had baie vee en moes dus wyd-uitmekaar staan. So vind Piet Retief hulle, toe hy in April 1837 onder hulle verskyn.

Piet Retief is in 1780 in Wamakersvlei naby die teenswoordige Wellington gebore. As jong man onderneem hy handelstogte na die oosgrens, waar hy hom later vestig en met die weduwee Greyling, wie se man deur die Kaffers vermoor was, in 1814 trou. Toe die Britse landverhuisers aankom, was hy op Mooimeisiesfontein naby die teenswoordige Riebeek-Oos woonagtig, en hy was een van die boere wat hulle met waens gehelp en van prowiand voorsien het. As boer het Retief goed vooruitgegaan, maar hy was ook in ander rigtings bedrywig — en tot sy geldelike nadeel. In 1822 het hy die regeringskontrak gekry om 'n kaserne en drosdy in Grahamstad te bou, en dat hy die werk aan hom toevertrou goed gedaan het, word bewys deur die ou drosdygebou wat tot onlangs nog daar gestaan het; maar hy moes, tydens die uitvoering van sy kontrak, as veldkornet met die burgers van Albanie teen Makomo uittrek, en boonop het swaar reëns gekom en sy bouplanne in die war gestuur. Die uiteinde was dat hy in 1824 bankrot gespeel het.

Retief het nie die algemene agting wat hy geniet het, verbeur nie; maar hy moes sy plaas verlaat en in die Winterberg op 'n nuwe plaas 'n nuwe begin maak. Hier het sy buitengewone persoonlikheid en bekwaamheid hom gou ook die leierskap gegee, en veral na die afloop van die oorlog van 1835, tree hy namens die boere van sy wyk vir hulle belange by die regering in. So rig hy b.v. op 11 April 1836 'n lang brief aan Campbell, die Siviele Kommissaris van Albanie, waarin o.a. gekla word, dat die burgers nog geen skadevergoeding vir verliese in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

oorlog gely en geen betaling vir bewese dienste ontvang het nie, en dat die bevryde slawe, ofskoon ingeboek, brutaal is en hulle aan diensverlating skuldig maak. Verder word die vrees uitgespreek dat die verskerping van die regulasies betreffende die militêre diens van die burgers onrus en ontevredenheid sal veroorsaak. Maar dis veral die briefwisseling wat Retief met Stockenström gevoer het, wat hom as aangewese volksleier laat uitstaan.

In Oktober 1836 stuur hy 'n adres, deur 60 Winterberg-Koenap-burgers onderteken, aan Stockenström, waarin die nuwe landvoog gevra word om sy verhouding tot die mense wat hy in Londen belaster het, te suiwer deur aan hulle 'n verklaring van die getuienis wat hy voor die parlementêre kommissie afgelê het, te gee. Stockenström se antwoord hierop was uiters beledigend. Hy sê o.a. „In antwoord op uw ongedateerde brief op heden ontvangen, dient dat het daarbij gevoegd ‚adres' niet kan worden ontvangen, en dus hieringesloten terug gaat. Het enige dat mij noopt zelfs zoveel notisie ervan te nemen, is de overtuiging dat gij de inhoud van hetzelve niet verstaat.... Gij zijt bedrogen. Ik spreek derhalwe niet in toorn maar met medelijden, en zal u getrouw de waarheid zeggen. Gij hebt u laten wijs maken dat het manhaftig of kommandanthaftig zoude zijn het voorbeeld te volgen dergenen die reeds tijd hadden zich over hunne dwaasheid te schamen, eer gij zestig ligtgelovigen kondet bewegen zich evenzo belachlik te maken."

Op hierdie toon gaan die brief voort, en die slot daarvan is 'n dreigement dat, as Retief nie al Stockenström se bevele stiptelik uitvoer nie en as hy „een jota" tot die bestaande verwarring op die grens bydra, hy sy betrekking as kommandant sal verloor. In 'n later skrywe word Retief weer op minagtende wyse deur Stockenström op die vingers getik, omdat hy Kaffers wat passe had, in hulle ronddwalery sou gehinder het, en weer moet hy 'n beledigende waarskuwing verneem: „Ik wil de wereld omlopen om dit land te dienen, maar zal mij geen duimbreed uit mijn weg laten stoten. Ik spreek duidelik, omdat ik verstaan wil zijn, zonder mogelikheid van abuis. Als gij iemand met behoorlike pas zonder genoegzame grond hebt opgevangen, zult gij de gevolgen aan uzelven te danken hebben."

Hoe innig gekrenk Retief homself gevoel het, blyk uit sy antwoord van 31 Oktober 1836. Daarin lees ons o.a.: „Wel mag ik met woord van waarachtig verklaren dat UEd. in mij de man niet voor hebt die UEd. denkt en zegt. God kent mijn gevoelens, en weet dat ik niet kan geloven dat UEd., noch enige andere persoon, oprechter liefde draagt voor dit land van ons



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geboorte en dezelfs inwoners' welvaart, en niet minder trouwe zorg en achting voor dezelfs goede rust en wetten, dan ik. Waarbij ik mag vragen: wie in deze Kolonie bij dat gevoelen meer geleden heeft dan ik?.... Ik heb mijn Schepper te danken te mogen gevoelen dat geen vals- of geveinsdheid bij mij woont. Dus geschriften te tekenen, die ik niet versta, en tegen de waarheid te gaan, heeft noch zal ooit bij mij plaats vinden.... ,Manhaftig,' ,kommandanthaftig' of ,dwaze voorbeelden' te volgen, durf ik verklaren als mijn karakter niet te kennen; en (even) min heb ik nodig gehad personen te ,bewegen' dat adres te tekenen.... P.S. — Bij het ontvangen van UEd.'s brief, heb ik mijn uitgegeven orders ter bescherming van mijn wijk herroepen, om mij niet verder bij UEd.'s dreigementen schuldig te maken."

Uit hierdie naskrif is duidelik dat Retief ook nou tou-opgegooi het. Hy was reeds geruime tyd bevrees dat wegtrek uit die Kolonie die enigste redmiddel vir die grensboere was, maar hy het lank uitgehou en sy burgers ook daartoe vermaan. Die houding van Stockenström het egter die finale deurslag by hom gegee en hom oortuig dat hy sy vriend Maritz nie langer op hom moes laat wag nie. Die Winterbergers maak hulle dus ook nou klaar; en op 22 Januarie 1837 vaardig Retief sy „Manifes" uit, en 'n paar weke later was hy met sowat 'n honderd reisgenote op pad na die noorde toe.

Teen die begin van April 1837 was daar tussen Thabantsjoe en Vetrivier vyf of ses verskillende laers met omtrent 1,000 waens en 1,600 weerbare manne, en toe Maritz, wat vir Retief met 'n perdewa tegemoet gery het, hom deur hulle heen na sy eie laer by die Vetrivier bring, was daar blykbaar 'n taamlik algemene gevoel dat die Winterbergse kommandant die aangewese man was om leier van al die Voortrekkers te wees en aan hulle onderlinge verdeeldheid 'n end te maak; maar om die verdere toedrag van sake te begryp, moet ons nou weer 'n entjie teruggaan.

Om 'n juiste idee van die regeringstelsel van die Voortrekkers te kry, is dit nodig om van die standpunt uit te gaan dat die onbeskrewe deel daarvan veel belangriker was as dié konstitusionele besluite wat hulle van tyd tot tyd geneem het. In die eerste sogenaamde grondwette wat hulle opgestel het, verneem ons niks of baie min van 'n militêre organisasie; maar dit was nie, omdat so iets nie bestaan nie. Inteendeel, dit was juis sy werklike bestaan wat dit onnodig gemaak het om besluite daaromtrent te neem. Die Trek was trouens grotendeels 'n militêre ekspediesie. Dis die ou Germaan van die tyd van die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

groot volksverhuising in Europa wat nou weer in Suid-Afrika met vrou, kind en vee op die mars is! En nes by die Germane vind die trek in groepe plaas. Oor elke groep is 'n leier wat deur die „Publiek'' benoem word, d.w.s. daar is 'n konsensus van opienie dat hy die beste man vir so 'n pos is, en eenmaal daartoe aangewys, behou hy dit. Hy is die kommandant van die kommando-stelsel, die grondslag van die hele militêre organisasie van die Trek; en die regeringsgesag berus vir 'n baie groot gedeelte by hom en sy krygsraad. Onder die Potgieter-mense het hierdie stelsel langste geduur; sy seun, Andries Hendrik, verklaar: „(Tot 1844) was my vader met die krygsraad die regering;'' maar ook by die ander groepe het dit 'n groot rol gespeel.

Na hierdie waarskuwing kan ons nou op die eerste pogings van die Voortrekkers let om ook ander regeringsorgane te skep; en ons sal deur twee belangrike punte in verband daarmee getref word. In die eerste plek sal ons sien dat hulle stap vir stap hulle konstitusie opbou; hulle eksperimenteer en voer na gelang van nuwe eise en omstandighede verbeterings in. Twedens vind ons dat hulle die ou Hollandse vorm van lokale selfbestuur, waarmee hulle bekend was, as basis gebruik.

Soos ons weet, het Potgieter en Maritz teen die end van 1836 'n samekoms by Thabantsjoe gehad. Daar is toe tot die ekspediesie na Mosega besluit, maar die geleentheid is ook gebruik om 'n vorm van siviele regering in te stel. Op 2 Desember het die vergaderde burgers besluit dat dit uit 'n raad van sewe lede sou bestaan, en die twee leiers met vyf ander invloedryke manne is gekies om daarop te dien. Die naam van Maritz staan eerste op die lys; hy was die voorsitter. Potgieter word twede genoem, en hy dra die tietel van „leger-kommandant.'' Watter magte is aan hierdie liggaam gegee? Teoreties is dit skynbaar met al die funksies van 'n regering beklee, want naas wetgewende bevoegdheid had dit ook opdrag om die besluite van die volksvergadering tot uitvoering te bring, en moes verder as 'n geregshof optree. In die praktyk het dit nie veel meer as die laasgenoemde funksie gehad nie, en by die beoefening daarvan het Maritz die tietel van landdros gevoer, en is die ander lede heemrade genoem. Selfs as regters het Maritz en sy kollegas egter nie veel te doen gekry nie. Potgieter met sy mense het hom afgeskei en die jurisdiksie van die raad nie erken nie. Die nuttigste en mees blywende werk wat Maritz en sy heemrade gedaan het, was om nuwe huwelike wettig te verklaar.

Toe Piet Retief in die eerste dae van April 1837 onder die Trekkers verskyn, was daar nie 'n algemeen erkende gesagvoe-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

rende liggaam of persoon oor hulle nie. Soos ons weet, is hy deur Maritz binnegehaal, en dit lyk asof hy van die staanspoor af hom meer met die teenstanders van Potgieter vereenselwig het. Hulle veral was dit wat hom versoek het om die algemene leier te word, maar 'n deel van Potgieter se volgelinge het hierdie versoek gesteun. Op 17 April is toe 'n groot volksvergadering in die laer van Maritz by die Vetrivier gehou, en Smit teken die resultaat daarvan as volg aan: „De Ed. heer P. Retief wordt goeverneur; de Ed. heer G. M. Maritz blijft in zijn post als magistraat.'' Potgieter word glad nie genoem nie, en sy naam verskyn ook nie meer onder die heemrade of burgerrade nie. Agter hierdie weglating skuil 'n groot stryd. Smit beklemtoon veral die wrywing op godsdienstige gebied en blameer dié mense (hulle het grotendeels aan die Potgieter-seksie behoort), wat nie na sy preke, wat hy sorgvuldig vir ons opteken, wil kom luister nie; maar van meer betekenis was die meningsverskil omtrent die trekrigting. Cilliers sê: „Toen was wij hinkende op twee gedachten, of wij naar Natal zoude gaan of Zoutpansberg;'' en hieromtrent kon geen eensgesindheid verkry word nie. Potgieter was vas besluit om die spoor van Trigardt te volg, terwyl Maritz en Retief ewe gedetermineerd was om in die mooi land van Natal wat deur die Uyskommissie verken was, en wat die groot voordeel van 'n goeie hawe aangebied het, 'n woonplek te gaan soek.

In die tussentyd stel die wetgewende liggaam onder Maritz se leiding die eerste sogenaamde grondwet op. Dit was egter slegs 'n negetal reëls, wat veronderstel was om vir al die Trekkers bindend te wees. Twee sake word daarin beklemtoon: Geen aanhanger van die Londense Sendinggenootskap sou onder die Trekkers geduld word nie, en almal was verplig om hulle aan die bevele van die gekose gesagvoerders te onderwerp. Op 6 Junie is hierdie bepalings deur 'n volksvergadering bekragtig, en by dieselfde geleentheid het Retief met 'n plegtige eedaflegging sy amp as „Goewerneur en Opperbevelhebber van 't algemene leger'' aanvaar. Hierdie tietels is aan die dagboek van Smit ontleen, en hy sê verder: „God zij altoos dank, Die ons gebed zo genadig verhoord heeft, dat de vrede en de eensgezindheid elkander ontmoetten, en de volkschaar zich mocht beroemen 'n verenigd leger te zijn.''

Hierdie woorde van Smit moet egter nie te wyd geïnterpreteer word nie. Ons het geen rede om aan te neem dat al Potgieter se mense of hyself die leierskap van Retief, die gesag van Maritz se „Burgerraad'' of die geldigheid van die „Nege Artiekels'' erken het nie. Met 'n verdere besluit van die ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gadering van 6 Junie wat, tussen hakies, slegs deur 140 bygewoon is, het Potgieter en baie van sy volgelinge beslis nie akkoord gegaan nie; dit was naamlik om na Natal te gaan en daar 'n onafhanklike staat te stig. Ook Piet Uys en sy geselskap, wat kort hierna opgedaag het, was geensins van plan om hulle aan die besluite van die sogenaamde volksvergadering te onderwerp nie.

Die Uystrek was nomineel onder die leiding van Jakobus Uys, 'n eerwaardige grysaard, maar in die werklikheid was sy seun, Pieter Lafras Uys, die aanvoerder. Die mikpunt van hierdie geselskap was Natal, want dié landstreek het so 'n gunstige indruk op Piet Uys tydens sy besoek daar gemaak, dat hy nie van plan was om hom êrens anders te vestig nie. Wat die trekrigting betref, het hy dus met Piet Retief en Gert Maritz saamgestem, maar die voorlopige regering deur hulle geskep, het hy nie erken nie. Op 14 Augustus 1837 stel hy en sy volgelinge by die Caledonrivier 'n reeks van besluite op, wat o.m. behels het: hulle gaan na Natal, waar Port-Natal hulle hawe sal wees; hulle trek onder hul eie hoofde en is vas besluit „om hul nie aan enige wette wat deur 'n paar persone'' vir al die Trekkers opgestel is, te onderwerp nie; eers na hulle aankoms in Natal sal hulle aan 'n groot algemene vergadering daar deelneem, en hulle vertrou dat daar dan 'n behoorlike volksregering op die grondslag van dié van die Verenigde State van Noord-Amerika tot stand sal gebring word. Hierdie besluite is deur 170 burgers onderteken, waaruit ons 'n idee van die omvang van die Uystrek kry.

Ofskoon Piet Uys sy enddoel nooit uit die oog verloor het nie, het hy eers met Potgieter beter oorweg gekom as met Retief en Maritz. Die twede strafekspediesie teen Silkaats was dan ook 'n gesamentlike onderneming van Uys en Potgieter. Met 135 man het die twee leiers in Oktober 1837 teen die noordelike vyand uitgetrek, en in die volgende maand is die Matabeles so verpletterd verslaan, dat Silkaats met sy hele volk ver in die noorde tussen die Limpopo en die Sambesie veiligheid gaan soek het. Sarel Ciliers, wat ook aan hierdie veldtog deelgeneem het, skat die verliese van die Matabeles aan dooies op meer as drieduisend. Sy syfer is waarskynlik te hoog, maar dis ook van minder belang hoeveel Matabeles presies gesneuwel het, want daarvolgens moet die betekenis van hierdie onderneming nie gemeet word nie. Die historiese waarde daarvan lê hierin: dat die groot gebied wat vroeër deur die Matabeles onveilig gemaak was, bewoonbaar geword het, dat dit vir blanke kolonisasie beskikbaar was, en dat die uitgedunde stamme, wat vóór die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

koms van die Matabeles in hierdie streke woonagtig gewees net, die Afrikaanse boere as redders verwelkom en graag onder hulle beskerming getree het. Ons moet dan ook nog daaraan dink dat die vlug van Silkaats vir Potgieter versterk het in sy besluit om nie na Natal te gaan nie.

Alles het dus saamgewerk om die verdeling van die Groot Trek in twee strome, die één na die noorde toe oor die Vaalrivier en die ander oor die Drakensberge heen, teen die end van 1837 in die hand te werk. Ons sal nou die beweging wat sonop gegaan het, in sy dramatiese verloop vervolg.

## § 5. Die Trekkers verskyn in Natal.

Nieteenstaande menigvuldige meningsverskille het 'n opgewekte en aangename geestesstemming onder die Trekkers in die lente van die jaar 1837 geheers. Gedeeltelik moet dit aan die invloed van Piet Retief toegeskryf word. Die algemene agting vir hom was baie groot, en Potgieter b.v. wat self 'n edel en sterk persoonlikheid had en dus ook manlike krag in 'n ander kon waardeer, het op 'n baie vriendelike voet met hom verkeer. Meer nog egter het die natuur daartoe bygedra om die mense vrolik en welgemoed te maak. „Dit was die maand Oktober, die mooiste, mooiste maand.'' Vroeë reëns het die veld in 'n lushof verander. Die aarde was in weelderige oorvoled met gras bedek, en die geur van die blomme het in die lug gehang en tot in die laers deurgedring. Die vee was vet en plesierig, en so ook die wild wat in duisende op kort afstande verbygedrentel of rondgebaljaar het.

Tussen hierdie volheid van lentefrisheid en lewensvreugry Piet Retief met 'n klein reisgeselskap uit sy laer langs die Vetrivier op sy eerste tog na Natal, om die wêreld daar self in oënskou te neem en met Dingaan oor die afstand van 'n woonplek aan die Trekkers te onderhandel. Ons mag wel sy fors gestalte hier 'n bietjie nader bekyk. Hy was 'n man van oor die middelbare leeftyd; op 12 November, vyf weke na sy vertrek, herdenk sy dogter Debora sy sewe-en-vyftigste verjaarsdag en skryf sy naam met groen verf teen 'n oorhangende rots, die „Kerkeberg,'' ongeveer twintig myl van die teenswoordige Harrismith; maar uit sy hele houding en wese het ongeknakte krag gestraal. Ofskoon enigsins kort en geset van postuur, was hy sterk van liggaamsbou; en sy taamlik vergrysde donker-bruin hare en baard het geensins die indruk van verswakte ouderdom verwek nie, want hulle was die omraming van 'n gelaat, waarop vasberadenheid en ondernemingslus te lees was, en wat veral



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

weëns die skerp uitkyk van die fonkelende donker-bruin oë die aandag getrek het. Soos 'n pionier gekleed (ons let op sy hoëbol, smalrand, wollerige hoed, sy kort baadjie en klapbroek) het hy onder 'n geslag van pioniers, by wie natuurlike waardigheid 'n algemene karaktertrek was, deur die krag en kalmte van sy uitkyk en houding uitgestaan. Hy was 'n gebore leidsman van helde op die oorlogspad en daarby ontwikkeld en intelligent genoeg om hulle ook in vredestyd op staatkundige gebied voor te gaan. Sy ontydige dood het hom weggeruk, voordat hy op konstitusionele gebied opbouende werk kon doen, maar die inhoud en gehalte van sy briewe gee ons die reg om te vermoed dat hy 'n staatstigter van betekenis kon geword het.

Op 20 Oktober kom Retief in Port-Natal aan. Die Engelse handelaars daar, wat juis toe met Gardiner weëns sy aanspraak op gesag oor hulle in stryd was, het die Boeredeputasie hartlik verwelkom en was gereed om met die nuwe aankomelinge tot die stigting van 'n republiek saam te werk. Van die Britse regering was trouens geen werklike beskerming te verwag nie, want nog in die voorafgaande jaar het lord Glenelg definitief geweier om die hawe van Natal onder Britse gesag te bring. Retief skryf van hier 'n brief aan Dingaan om hom van sy koms en die doel daarvan te verwittig. Hy ag dit ook reeds nodig om die Soeloekoning te waarsku teen misleidende rapporte aangaande die planne van die Trekkers en hulle behandeling van die naturelle. Silkaats, sê hy, is gestraf, omdat hy hom herhaaldelik aan brutale en uitdagende plundering skuldig gemaak het. Nege dae word in Port Natal vertoef, en daarna gaan die reis langs die kus na die mond van die Toegelarivier, waar die vier waens van die geselskap agtergelaat word, en eindelik op 5 November bereik Retief Oemkoengoenklovoe.

Owen, wat enkele maande tevore sy sendingwerk hier begin het en 'n entjie buitekant die kraal woonagtig was, vertel ons in sy Dagboek van die aankoms van die Boeredeputasie. Hulle het onder 'n groot vyeboom naby die groot hek afgesaal; en drie dae het verbygegaan, voordat Retief sy versoek voor Dingaan kon lê. Hy en sy mense is in die tussentyd vriendelik behandel en op oorlogsdanse getrakteer. Retief het ook op uitnodiging van Owen 'n maaltyd by hom geniet en aan hom meegedeel dat die Soeloekoning nog nie wil onderhandel nie, „omdat besigheid deur plesier voorafgegaan moet word.'' Dit was waarskynlik nie die werklike rede nie, want op ontvangs van Retief se eerste brief het hy vir Gardiner versoek om hom te kom advies gee „aangaande die land wat aan die Boere kon afgegee word,'' en hy het dus vermoedelik op sy raadgewer



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gewag. Gardiner het egter nie opgedaag nie, en Dingaan het dus sonder hom die versoek van Retief onder behandeling geneem. Bekend is, hoe hy eers die Boere beskuldig het dat hulle van sy vee geroof het, en hoe, nadat dit geblyk het dat die bedoelde roofekspediesie van Sikonjella, 'n Kafferhoof wat aan die noordgrens van Basoetoeland woonagtig was, uitgegaan het, Dingaan die landstreek tussen die Oemsimwoeboe en die Toegela aan die Boere beloof het, mits hulle sy gesteelde vee vir hom terug besorg en indien moontlik ook die skuldige kaptein aan hom uitlewer.

Owen was aangaande die beloofde afstand goed ingelig, en hy het sy opienie dat Dingaan woordbreuk pleeg, nie weggesteek nie. In 'n gesprek met Retief het hy die Boereleier daarop gewys dat die grond wat hulle sou kry, reeds aan die Englse gegee was, en hierdie opvatting het hy in die teenwoordigheid van Retief ook voor Dingaan uitgespreek. Die Soeloekoning se antwoord was: „Ek sal met mnr. Retief daaroor praat, wanneer hy terugkom met die beeste.'' Ons kan die standpunt inneem dat, aangesien die Britse regering, soos ons weet, geweier het om Gardiner se anneksasieplanne te bekragtig, die Engelse aansprake op Natal nie meer geldig was nie. Dit verander egter niks aan die feit dat Dingaan baie los en vas met beloftes aangaande grondskenkings omgespring het nie, en Owen se protes is heeltemal begryplik en verskoonbaar.

'n Minder gunstige indruk maak Gardiner se houding. Om een of ander rede het hy nie die uitnodiging van Dingaan om self na Oemkoengoenkloevoe te kom aangeneem nie, maar 'n dag nadat Retief sy terugreis na Port-Natal begin het, kry Dingaan 'n brief van Gardiner. Owen, wat dit moes voorlees, het die inhoud in sy dagboek opgeteken, en daaruit blyk dat Gardiner ook die Soeloekoning waarsku „om nie aan die Boere af te staan wat hy reeds aan die koning van Engeland gegee het nie,'' want sê hy, „wat sou ander konings van hom dink as hulle ontdek dat sy woorde geen vastigheid het nie;'' maar Gardiner gaan verder as dit; hy raai Dingaan sterk aan om die Boere geen deel van sy land te belowe, voordat hy van die Britse regering gehoor het nie. Waar Owen dus as 'n goeie evangeliedienaar alleen oor die oneerlikheid van Dingaan besorg was, tree Gardiner as 'n polietikus op. Hy gun die Boere geen plek in Natal nie, selfs nie in 'n deel daarvan wat miskien deur geen vroeëre belofte geaffekteer was nie, en hy gryp na die wapen wat 'n polietikus, as hy hom in 'n swak posiesie bevind, dikwels kies, nl. vertraging. Hy weet dat die Britse regering sy ooreenkoms met Dingaan nie bekragtig het nie, en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dat Glenelg van die anneksasie van Natal nie wil hoor nie, maar hy maak asof die koning van Engeland 'n aanspraak op gebied in Natal het, en op grond daarvan soek hy na uitstel om die steun van die Britse regering te kry vir sy politiek om die trek van die Boere oor die Drakensberge te verhinder.

Hoe goed Retief omtrent die houding en planne van Gardiner ingelig was, weet ons nie; maar dat hy, wat hulle betref, nie heeltemal onkundig was nie, word deur 'n brief bewys wat hy op 18 November uit Port-Natal aan Dingaan geskryf het, en waarin die volgende sinne voorkom: „Ek ag dit waarskynlik dat jy vóór my terugkeer sal lastig geval word uit hoofde van die versoek wat ek jou gedaan en die belofte wat jy my gegee het; en ek beskou dit ook moontlik dat aan die koning meer sal vertel word aangaande my en my volk as wat bewys kan word. As sulke dinge aan jou mag gesê word, dan is dit my wens en versoek dat jy, wanneer ek terugkom, my sal sê, wie dit is wat sulke dinge sê. Ek is nie bang om in jou teenwoordigheid enigeen te ontmoet wat kwaad praat van my of van my volk nie. My begeerte is dat jy asseblief, vóór my terugkeer, geen oor moet leen aan enigeen wat jou lastig mag val oor die land, waarin ek begeer om te woon.''

Ons sien dus dat Retief die indruk gekry het dat 'n persoon of persone in Natal vir Dingaan teen die Boere opstook. Ons moet egter versigtig wees en nie, na wat ons van Gardiner se houding afweet, dit as bewys beskou dat hy vir Dingaan aangemoedig het om die Boere te vermoor nie. Dit word beweer, dat blank opstokers die Soeloekoning vertel het dat die Boere „weglopers van *hulle* koning'' was en hom aangeraai het om hulle as sulks te behandel, d.w.s. om hulle dood te maak; maar sulke bewerings berus te veel op partydige gerugte om geloofwaardig te wees.

Ons raak hier aan die groot vraagstuk wie vir die latere moord van Retief en sy mense verantwoordelik was, en die enigste veilige weg, wat daarby gevolg kan word, is om die aanleiding tot Dingaan se verraad in sy eie verraderlike gemoed te soek. Ons weet dat hy vir die Boere bang was; en Retief het onwetend hom miskien versterk in sy opienie dat hulle baie gevaarlike bure sou wees. In sy brief van 18 November praat hy van Silkaats se neerlaag en vlug, en die volgende sinne kon in Dingaan se ore as 'n dreigement geklink het: „Wat nou met Silkaats gebeur het, laat my glo dat die Almagtige en Alwetende God hom nie sal toelaat om veel langer te leef nie. Gods Woord leer ons dat konings wat sulke dinge doen soos Silkaats gedaan het, swaar gestraf word, en nie toe-

K



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

gelaat word om lank te leef en te regeer nie. Jy kan hieroor navraag doen by al die sendelinge in jou land.''

Owen deel mee dat toe hy die brief vir Dingaan voorgelees het, hierdie deel daarvan op 'n besondere manier sy aandag getrek het. Wat toe in die barbaarse dwingeland se gemoed omgegaan het, sal ons egter nooit weet nie, en ons mag nie meer invloed aan Retief se brief toeskryf as wat dit miskien gehad het nie. Met sekerheid kan alleen vasgestel word dat Dingaan kort na die eerste verskyning van Retief in Natal moorddadige gedagtes teen die Boere begin koester het; en as ons aanneem dat vrees die grondoorsaak van hierdie gedagtes was dan sal ons waarskynlik nie ver mistas nie. Ons moet hierby die feit in aanmerking neem dat hy deur sy boodskappers ook aangaande die twede veldtog teen Silkaats vinnig en goed ingelig was.

Dis interessant om in Owen se Dagboek na te gaan hoe Dingaan se gemoedstemming in November, Desember en Januarie hoe langer des te ongunstiger vir die blankes geword het. Onder die Amerikaanse sendelinge het 'n sterk gevoel van onveiligheid geheers, en Owen self het 'n baie sorgwekkende tyd deurgemaak. Dingaan was kwaad, omdat die sendelinge alleen die Evangelie onder sy mense bring en nie ander, vir hom meer belangrike, voorregte van die blankes nie, nl. gewere en ammuniesie en die kuns om hulle te gebruik. Met 'n angstige oog op die Boere, vóór wie se koeëls die Matabeles op die vlug gegaan het, was hy blykbaar enigsins onseker omtrent die doeltreffendheid van die steekasgaai teen sulke gevaarlike vyande, en wou hy ook vuurwapens tot sy beskikking hê. Ontmoedig was hy egter nie. Met koninklike trots het hy aan die onweerstaanbare mag van sy ontsaglike leërs gedink; en hulle het met ongeduld op sy kommandowoord gewag. Reeds op 22 Desember, toe die resjimente in Oemkoengoenkloevoe 'n oorlogsdans uitvoer, is in lofsange nie alleen sy grootheid bo alle ander konings verheerlik nie, maar hom ook die versekering gegee dat „hulle wat vuur dra'' nie teen hom bestand sal wees nie. Ook vir Dingaan was dit teen hierdie tyd 'n uitgemaakte saak dat die Boere „opgeëet'' moes word, en sy plan was om hulle so onverwags moontlik aan te val. Baie interessant is in hierdie verband 'n brief wat hy deur Owen aan Retief laat skryf het die dag voor sy twede verskyning in Oemkoengoenkloevoe. Hy nooi hom met oordrewe vriendelikheid uit om al sy mense na die stad te laat kom, en hy belowe om sy leër bymekaar te maak om vir hulle te dans. Vir Owen was dit blykbaar duidelik watter slegte bedoelings agter hierdie uitnodiging geskuil



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

het, want hy merk daaromtrent op: „The Dutch will be too wise to expose themselves in this manner.'' Of Retief hierdie verdagwekkende brief gekry het, sal ons nooit weet nie. Dit sou hom egter nie laat omdraai het nie, want hy was reeds te naby die stad, toe dit geskryf is.

## § 6. Verraad.

Nog voor Retief se terugkeer van sy eerste besoek by Dingaan het rapportryers tot ver in die teenswoordige Vrystaat die nuus versprei dat die mooi land anderkant die berge tot hulle beskikking was, en binne enkele weke het die groot gros van die Trekkers met 'n duisend waens aan die bowaters van die Toegelarivier verskyn. Ontsettend moeilik was die oortog oor die Drakensberge, maar die uitsig op 'n heerlike verwesenliking van die enddoel van die Trek het 'n blymoedige stemming tot gevolg gehad. Ook was daar meer eensgesindheid as miskien ooit tevore. Selfs die Uysse was gereed om voorlopig die leiding van Retief te erken, en ook van Potgieter se mense, b.v. Sarel Cilliers, het nou gemene saak met die Natalse Trekkers gemaak en hul by hulle aangesluit. Die toekoms het rooskleurig gelyk. Met gemak is Dingaan se gesteelde vee van Sikonjella, wat nie gewaag het om weerstand te bied nie, weggehaal, en Retief was klaar om die afstand van die beloofde grondgebied met die Soeloekoning te gaan beklink. Heeltemal gerus was al sy volgelinge egter nie. Gerugte dat mense vir Dingaan teen hulle opstook, het by sommige argwaan gewek, en die vraag of die gevierde leidsman weer sy lewe in Oemkoengoenkloevoe moes gaan waag, is ernstig bespreek, maar vir Retief was dit duidelik dat hyself die finale oordrag in ontvangs moes gaan neem, en met 'n nie te groot kommando nie; anders kon die onberekenbare gemoed van Dingaan die saak nog laat misluk.

Met sowat sewentig blank perderuiters, waaronder vier jong seuns, en dertig gekleurde agterryers, gaan Retief teen die end van Januarie 1838 vir die twede keer op reis na Soeloeland, en op Saterdagmôre, 3 Februarie, omstreeks tien-uur, ry hy aan die hoof van sy kommandotjie deur die groot hek van Oemkoengoenkloevoe. Op die groot ronde binneplein is ter ere van die besoekers oorlogsdanse uitgevoer, nadat die Boere eers die duisende van Dingaan in verrukking gebring het deur in twee afdelings teen mekaar teperd storm te ja, sarsies te skiet, te retireer, ens. Die koning was oënskynlik in 'n baie goeie humeur, omdat hy sy gesteelde beeste teruggekry het, en welgemoed gaan die Boere weer afsaal onder die Vyebome, buite-

K2



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

kant die kraal. Hier moes hulle egter later iets verneem wat minder gunstig gelyk het. 'n Boodskapper kom hulle perde en geweers opeis, en Retief wys na sy grys hare en gelas hom om aan Dingaan te sê dat hy nie met 'n kind te doen het nie. Die onderlinge gees is egter nie gestoor nie, en eindelik was die oordragsoorkonde, waarvolgens Dingaan Port-Natal met die land tussen die Toegela- en die Oemsimwoeboeriviere aan Retief en sy mense afstaan, met die koning se merk daarop, veilig in die leersak van die Boereleier. Wanneer presies die ondertekening plaasgevind het, is onseker, maar die datum op die dokument is 4 Februarie 1838.

Aan die egtheid van hierdie verdrag mag gelukkig nooit weer getwyfel word nie. Professor Blommaert en mnr. Preller het sir George Cory se vermoede dat ons hier met 'n latere vervalsing te doen het, vir altyd as absoluut onhoudbaar aan die kaak gestel. Veral die ondersoek van professor Blommaert in die Kaapse argief is hierby van deurslaggewende betekenis. Hy het nl. die handtekenings van M. Oosthuise, A. C. Greyling en B. J. Liebenberg, wie se name as getuies onderaan die verdrag geskryf staan, op stukke gevind wat deur hulle onderteken is, voordat hulle die Kolonie verlaat het, en hierdie handtekenings kom so verrassend ooreen met dié wat op die beroemde dokument voorkom, dat dit as onweerlegbaar moet beskou word, dat die drie genoemdes self kort vóór hulle dood in Oemkoengoenkloevoe Dingaan se merk gesertifiseer het. Interessant is ook dat die koning se merk, 'n lang ingewikkelde gekrap, op 'n ander bekende dokument in 'n soortgelyke vorm voorkom, en dat woorde soos „als getuige'' en „de merk van de koning Dingaan'' sonder twyfel in Retief se handskrif is. Die verdrag self is deur iemand anders in Engels geskrywe, nie deur Owen nie.

Maandag was daar weer allerhande vertonings, soos spieëlgevegte, reisies, ens., en die Boere het ook hulle deel bygedra. Hulle was baie in hulle skik, want alles was nou agtermekaar. en die volgende oggend sou hulle vertrèk. Owen egter was nie gerus nie. 'n Seun van twaalf jaar, Wood, wat by hom en sy vrou geloseer het en sy tolk was, asook 'n diensmeisie, Jane Bird, het gemeen dat hulle onraad bespeur, en die Dinsdagoggend vroeg, toe twee Boere by Owen kom koffie drink, vra hy hulle wat hulle van Dingaan dink. Hulle antwoord dat hy goed is. Hy laat dit toe daarby, en 'n paar uur later kyk hy deur sy verkyker na die ontsettende moordtoneel in Oemkoengoenklovoe.

Bekend is wat gebeur het: hoe Dingaan die Boere uit-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

genooi het om in die kraal te kom afskeid neem, hoe die wilde afskeidsdans van sy soldate deur sy kommandowoord: „Boelalanie abatagatie'' (maak dood die towenaars) onderbreek is, hoe die drie duisend dansers die weerlose Boere en hulle agterryers oorrompel het (die geweers was by die hek van die kraal gelaat), en hoe die gedoemde honderdtal onder wrede foltering na Hlomo-Amaboetoe gesleur is, waar die aasvoëls weldra oor hulle verminkte lyke begin draai het.

Owen sit magteloos die wrede skouspel te aanskou. Hy kon natuurlik niks doen nie; sy eie lewe en dié van al sy huisgenote was ook in gevaar; en hy roep hulle saam en lees met hulle Psalm 91. Later sien hy hoe die resjimente van Dingaan die stad in 'n westelike rigting uitstroom, en hy ys vir die Trekkers onder die berge, wat geen gevaar vermoed nie en op die terugkoms van Piet Retief en sy keurbende wag. Dingaan laat hom wel weet dat hy geen vrees hoef te koester nie, „want al koning Georg se mense is sy mense, maar die Boere is nog koning Georg se mense, nog syne''; maar Owen vertrou die wreedaard nie en sien ook voorlopig geen kans om met hoop op seën sy sendingwerk hier voort te sit nie. Hy kry dus so gou soos moontlik verlof om te vertrek en begeef hom met sy huisgenote na Port-Natal.

## § 7. Moord en Oorlog.

In die afwesigheid van Retief het Maritz as voorsitter van die volksraad 'n soort van algemene leierskap onder die Trekkers, wat oor die berge gekom het, uitgeoefen. Sy gesag is egter nie algemeen erken nie, en sy pogings om die mense enigsins bymekaar te hou, het nie veel opgelewer nie. Om genoeg weiveld te hê, het hulle oor 'n groot uitgestrektheid in familie- en vriende-groepe laers gevorm, en die bergagtigheid van die land het die onderlinge verbinding bemoeilik. Die hooflaer, dié van Retief, was by Doringkop gevestig; omtrent halfpad tussen die regterwal van die Toegelarivier en sy systroom, die Bloukransrivier. Noord en wes van Doringkop tot aan die Drakensberge was ook baie Trekkers, maar 'n aansienlike getal het reeds verder afgesak, en veral langs die Bloukransrivier met sy twee bolope, Malanspruit en Moordspruit, en die Boesmansrivier, die volgende westelike systroom van die Toegela, het die voorste mense hulle verspreide laers gehad.

Op 17 Februarie, vóór dagbreek, hoor die mense in Doringkoplaer 'n aanhoudende geskiet uit die suide. Hulle meen eers dat dit vreugdeskote is, wat die terugkoms van Retief en sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

geselskap aankondig, maar vóór dit mooi dag was, het hulle berig gehad, dat die Soeloes 'n groot aanval op die voorste laers maak. Dit was die resjimente, 10,000 man sterk, wat Owen tien dae tevore uit Oemkoengoenklovoe sien trek het. Onverwags het hulle op die slapende laers langs die Bloukrans- en Boesmansriviere geval, en verskriklike moordtonele is daar afgespeel. Na 'n tyd van onbeskryflike verwarring en magteloosheid het Sarel Cilliers en Maritz die verdediging georganiseer en die Soeloes gestuit, maar aan die kant van die Trekkers het 41 mans, 56 vroue, 185 kinders en 200 gekleurde bediendes in die nagtelike moordaanval omgekom, en die terugtrekkende vyand het 'n buit van 25,000 grootvee saamgeneem. Verslaenheid het in die laers geheers. Juis toe die pioniers gemeen het dat hulle rooskleurigste verwagtings verwesenlik sou word, is al hulle vooruitsigte op 'n gelukkige verblyf in Natal in één nag op 'n skokkende en wrede manier vernietig, en moes hulle nie alleen die dood van so baie vriende en bloedverwante in hulle onmiddellike nabyheid beween nie, maar het hulle ook in hulle gemoed die angswekkende versekering gekry, dat Piet Retief en sy keurkommando nooit weer sou terugkom nie, en dat hulle sonder 'n leier was.

Heeltemal troosteloos was die toestand egter ook nie. Die feit dat die verspreide voorhoede van die Trekkers uiteindelik tog daarin geslaag het om die totaal onverwagte aanval van 'n groot oormag van die beste Bantoe-oorlogvoerders af te slaan, het die superioriteit van die Boer as vegsman, selfs onder die ongunstigste omstandighede, baie duidelik in die lig gestel; en heldedade soos die van Sarel Cilliers, wat met 'n stuk of vyf man die teenaanval op die Soeloes begin het, of van Marthinus Oosthuizen, wat vingeralleen deur 'n kring van vyande ammunisie en redding na 'n omsingelde klompie vriende op 'n koppie gebring het, was tiepies van die onweerstaanbare en onverskrokke gees van die Trek. En as daar gevaar was dat hierdie gees vir 'n oomblik onder die man sou verflou, dan was die vroue nog daar om hulle met nuwe moed te inspireer. Op 21 Februarie het 'n groot vergadering in die hooflaer by Doringkop plaasgevind, en die plan om maar Natal te verlaat is geopper, maar die vroue het heftig hierteen geprotesteer. Hulle wou onder geen omstandighede toestem dat die gruwelike moord van hulle dierbares ongewreek sou gelaat word nie.

Planne is nou bespreek om 'n groot strafveldtog teen die Soeloes op tou te sit. Piet Uys het op 1 Maart opgedaag, en Hendrik Potgieter, wie se hulp ook ingeroep is, het kort daarna met 'n kommando op die toneel verskyn. In die tussentyd is



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

onderhandelings met die Engelse by Port-Natal aangeknoop, en 'n afspraak is getref dat hulle met hulle Kaffers, en Uys met 'n Boerekommando, gelyktydig uit twee rigtings teen die gemeenskaplike vyand sou optrek. Van hierdie plan van samewerking het egter niks gekom nie. Die Engelse leiers, Cane en Ogle, was reeds teen die middel van Maart in die veld, en 'n paar Soeloekrale is deur hulle oorrompel, maar Uys moes onverrigtersake terugkeer. Verkenners soos Hans de Lange („Hans Dons'')het vasgestel dat 'n groot Soeloeleër by die Toegela op die Boere wag. en die rivier was so vol, dat 'n poging om 'n perdekommando daardeur te bring, waarskynlik 'n noodlottige débacle tot gevolg sou hê. Die geallieërde blankes het dus besluit om die gekombineerde aanval op Dingaan uit te stel.

Met die verskyning van Potgieter het die ou strydvraag omtrent die algemene leierskap weer brandend geword, en 'n reëling is getref wat uit 'n militêre standpunt as onheilspellend moes beskou word. Maritz, wat geen vegsman was nie, sou as regter-president van die Volksraad, d.w.s. as hoof van die siviele regering, by die laers bly, en die twee kommandante, Uys en Potgieter, sou met twee kommando's uittrek, maar ofskoon afgespreek is dat hulle „saam sou raadpleeg,'' was die een nie oor die ander gestel nie. en kon hulle dus onafhanklik van mekaar optree.

Wat verwag kon word, het gebeur. Op 6 April het die twee leiers met ongeveer 350 perderuiters die vyand anderkant die Toegela en Buffelsriviere gaan opsoek, en die derde dag was hulle in aanraking met Dingaan se resjimente. Die Soeloes val terug in die rigting van Oemkoengoenklovoe en lok die Boere in 'n kloof, waar op 11 Maart die noodlottige slag van Italana plaasvind. Die reëling was dat Uys die rante aan die regterkant van die vyande sou suiwer, en dat Potgieter dieselfde operasie langs die oorkantse hange sou uitvoer; dan sou hulle mekaar aan die bo-ent van die kloof, waar die voetpad oor die berg na Dingaan se kraal gaan, ontmoet en so hand-aan-hand die Soeloes vóór hulle uitja. Wat werklik gebeur het, is nie duidelik nie; maar dis taamlik seker dat Uys sy opdrag met meer beslistheid en vinniger as Potgieter probeer uitvoer het, en hy was dus 'n hele ent die kloof in, toe dit blyk dat die Soeloehoofmag by die ingang weggesteek gelê het en nou van twee kante uitspring om die terugtog van die Boere af te sny. Potgieter wat nog naby die ingang was, ja dadelik met sy mense uit die hinderlaag, maar toe die Uysafdeling weer die poort bereik, was dit reeds deur die Kaffers afgesluit. In galop skiet



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

en baan die Boere vir hulle 'n pad deur die vyand, maar Piet Uys wat, soos van 'n dapper offisier kon verwag word, in 'n aanval vóór in 'n terugtog agter gery het, het in die slag gebly. Bekend is verder, hoe sy seuntjie, Dirkie, omgedraai het om sy gewonde vader te gaan help en by sy lyk onder die asgaaisteke van die Soeloes 'n heldedood gesterf het.

Die „vlugkommando'' is dadelik terug oor die Toegela. Potgieter en sy mense moes van baie kante verwyte hoor, en hulle span onmiddellik hulle waens in en keer na die noordelike binneland terug, waar hulle altyd van plan was om te woon, en wat kort tevore deur die twede oorwinning teen Silkaats veilig gemaak was.

Die eerste ernstige poging om Dingaan te straf het dus op 'n treurige mislukking uitgeloop, en die vooruitsigte vir die blankes in Natal sou nog donkerder word. Tussen die Engelse aan die Baai en die Boere kon maar nie 'n doeltreffende skema van militêre samewerking tot stand gebring word nie, en dit was eers twee dae na die Italanaslag dat 17 Engelse met 1,500 Kaffers hulle veldtog begin het. Ook hulle is in 'n val gelok, en 13 blankes met 1,000 van hulle Kaffers het gesneuwel. Dit het waarlik begin lyk asof die iempies van Dingaan onoorwinlik sou bly. Hulle het tot in Durban deurgedring. Gelukkig was daar toe juis 'n Engelse skip, die *Comet,* en terwyl die Baaikaffers skuiling en veiligheid in die digte bosse gevind het, het die kaptein van die *Comet* die Europese bewoners van Durban en ander blanke vlugtelinge op sy skip gebring. Van hier uit het 'n merkwaardige geselskap, waartoe o.a. ook Owen, en Hans Dons behoort het, gesien hoe die barbare op land alles verniel. Die besetting van Port-Natal deur die Soeloes het egter nie lank geduur nie, omdat die blankes daar onaantasbaar was, en Dingaan het sy teruggekeerde soldate vir 'n twede groot aanval op die Boere begin klaarmaak. Dit het op 13 Augustus plaasgevind, toe 10,000 Soeloes probeer het om Veglaer te oorrompel. Hierdie keer was die Boere goed ingelig en voorberei, en die vyand is betreklik maklik teruggeslaan.

In die tussentyd is die gebrek aan 'n militêre leier, wat in staat sou wees om Dingaan gedug te straf, ernstig gevoel. Maritz, soos ons weet, was nie daartoe in die wieg gelê nie, en Landman, die opvolger van Uys as kommandant, is ook nie daarvoor geskik geag nie. Die keuse van die Trekkers in Natal het geval op Andries Pretorius, 'n invloedryke Graaff-Reinetse boer, wat vóór die dood van Retief die beloofde land besoek het. Aan die smeekboodskap van sy Natalse vriende om hulle



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

leier te kom word, het hy gehoor gegee. Hy het sy mooi plaas naby Graaff-Reinet, in wat vandag Pretoriuskloof genoem word, vaarwel gesê, en op 22 November kom hy onder die mense langs die klein Toegelarivier naby Doringkop aan. Pietermaritzburgdorp was 'n maand tevore gestig, en die naam laat ons nog dink aan die toestand van leierloosheid, waarin die Natalse pioniers destyds verkeer het; want ook Gert Maritz is op 23 September deur die dood weggeruk, en het in die herinnering van sy volk, die Afrikaanse Pantheon, 'n ereplek ingeneem naas Piet Retief en Piet Uys.

Andries Pretorius is na sy aankoms tot kommandant-generaal benoem en het onmiddellik voorbereidings vir 'n strafekspediesie teen Dingaan begin tref. Teen die end van November was 'n kommando van 464 man klaar om uit te trek. Alles was presies gereël en in orde. Die kommandant-generaal het met sy offisiere, die assistent-kommandant-generaal, Landman, die kommandante en veldkornette, wat saam met hom die krygsraad gevorm het, 'n deeglike mate van kontrole besit, en die hele onderneming is deur 'n baie ernstige godsdienstige gees gekenmerk. Dit was 'n laerkommando, d.w.s. 57 waens is saamgeneem om die perde vars te hou, 'n groot voorraad prowiand en ammuniesie te vervoer en vir verdedigingsdoeleindes beskikbaar te wees. Verkenners, waaronder Hans Dons uitgeblink het, is gereeld vooruitgestuur, en daar was geen gevaar dat die kommando, nadat die aandgodsdiensoefening gehou was en die nag sy swart sluier oor die toegewyde Gideonsbende gesprei het, onverhoeds deur die vyand kan aangeval word nie.

Pretorius het nie op die spore van Retief of Uys getrek nie, maar oor die Toegela en sy oostelike takriviere 'n noordelike rigting ingeslaan. So is verklaarbaar dat die kommando op Sondag, 9 Desember, die bowaters van die Sondagsrivier onder die Biggarsberge bereik het. Hans Dons het reeds vasgestel dat Dingaan se iempies in die nabyheid was, en die oortuiging dat die beslissende slag spoedig sou volg, het die ernstige stemming van die laer verhoog. By die godsdiensoefening in die voormiddag is toe die plegtige gelofte gedaan, dat as God die oorwinning aan die Trekkers gee, hulle „'n huis sal bou tot eer van Sy groot naam,'' en die dag en datum van die oorwinning „elk jaar als een verjaarsdag en een dankdag zoals een Sabbath'' sal vier, „en dat wij het ook aan onze kinderen zal zeggen, dat zij met ons er in moeten deelen, tot gedachtenis ook voor ons opkomende geslagten.'' Soos 'n Ou-Testamentiese profeet het Sarel Cilliers dié gedenkwaardige oggend van 'n wa af, die preekstoel van die Voortrekkers, en onder die wye uitspansel, hulle tempel,



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

homself en sy wapen-broers en hulle kinders en kindskinders vóór die Almagtige verbind en aan die Afrikaanse volk 'n gewyde feesdag gegee.

Die Soeloes, wat Hans Dons teengekom het, was waarskynlik ook verkenners, want eers die volgende Saterdag, toe die kommando by die Bloedrivier, soos die stroom weldra sou heet, aankom, is weer die nabyheid van 'n groot vyandige mag gerapporteer. In 'n driehoek, tussen die rivier, wat baie vol was, en 'n diep sloot, wat in die rivier uitmond, is 'n baie deeglik versekerde laer gevorm. Hekke, spesiaal vir dié doel gemaak en saamgebring, is onder die waens vasgemaak en doringtakke en velle het nog verder die muur van waens ondeurdringbaar gemaak. Ook twee kanonnetjies, waaroor die Trekkers teen hierdie tyd beskik het, is so opgestel, dat hulle die meeste skade onder die vyand kon uitrig. Toe dit donker word, was alles klaar, en 'n indrukwekkende stilte, wat alleen af-en-toe deur 'n roering onder die beeste en perde in hulle afgesonderde kamp binne die laer verstoor is, het oor die terrein geheers.

Vroeg die volgende oggend, Sondag, 16 Desember 1838, het die slag begin. Meer as 10,000 Soeloes onder die leiding van Dingaan se beste generaals het met doodveragtende dapperheid die een poging na die ander aangewend om tussen of oor die waens heen in die laer deur te dring. Keer op keer is hulle met ontsettende verliese teruggeslaan, maar toe dit helder dag word en die aanvalle van die Kaffers, wat intussen nog versterkings bykry, 'n toppunt van heftigheid bereik, vrees Pretorius dat 'n voortsetting van die geveg op hierdie basis sy ammuniesie sal uitput, en besluit hy om deur 'n onverwagte teenaanval 'n beslissende wending aan die stryd te gee. Die toekoms van die beskawing in 'n groot gedeelte van Suid-Afrika het op dié oomblik in die weegskaal gelê, en dis van belang om op te let dat nie alleen die vuurwapens van die Witman nie, maar ook sy geestelike superioriteit die deurslag gegee het. 'n Paar poorte van die laer word skielik oopgemaak, en 'n afdeling perderuiters val die Soeloes van die kant aan. Hulle raak verward en deins terug voor die aanstormende ruitery en die kruisvuur waaraan hulle blootgestel is. Pretorius maak gebruik van die behaalde voordeel, en voer sy hele kommando teen die vyand. Die aarde dreun onder die pote van 460 perde, en dit blyk al dadelik dat die Soeloes nie voor die naderende stormwolk met sy gedonder en dodelike blitsvuur bestand is nie. Hulle spat uitmekaar en gaan op die vlug, en toe die oorwinnaars drie uur later op ver-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

moeide perde en met leë kruidhorings die agtervolging staak en na die laer terugkeer, was die fleur van Dingaan se strydmag in duisende afgemaai, of met skrik bevang oor die heuwels versprei. Veral rondom die laer het Soeloelyke die aarde bedek, en Soeloebloed het aan die rivier sy naam gegee. Aan Boerekant daarenteen — en dit het die uitslag nog meer bonatuurlik laat lyk — is geen verliese gely nie, en Pretorius self was een van die weinige gewondes. By die eerste stormja het sy perd, 'n onstuimige en ongedresseerde dier, so uit die hand geraak, dat hy uit die saal moes spring, en 'n Kaffer het byna daarin geslaag om sy bors te deurboor. Hy het egter die asgaaisteek met sy blote hand gestuit en die vyand te lyf geloop. Terwyl hulle op die grond worstel, snel 'n vriend by, trek die asgaai uit die hand van die kommandant-generaal en maak die Soeloe met sy eie wapen vankant.

Vyf dae na die slag bereik die kommando die stad van Dingaan en vind dit verlate en die dwingland gevlug. Op die moordheuwel kortby staar hulle met ontblote hoofde op die doodsbene van Retief en sy geselskap, herkenbaar uit die duisende wat daar rondlê deur stukkies klere, en in die geval van die leier deur die leersakkie, wat nog aan die geraamte vas was, en waarin die historiese verdrag in 'n merkwaardig ongeskonde toestand en nog duidelik leesbaar ontdek is. Plegtig is toe die stoflike oorskot van die martelare in één groot graf weggelê; en die kommando kon met 'n dubbele reg op Natal die terugreis aanvaar, die reg nl., wat die oorwinning gee, maar bekragtig en geheilig deur die kostelike en met bloed bevlekte kleinood, wat byna twee jaar lank op Hlomo-Amaboetoe bewaar gebly is.

Byna het dit Dingaan geluk om die Boere, nadat hulle Oemkoengoenklovoe verlaat het, in 'n hinderlaag te lok, en sewe blankes het daarby die lewe ingeskiet. Dit was duidelik dat die worsteling tussen Boer en Barbaar om die mooi land van Natal nog voortgesit sou word, maar die kriesis was verby, en met reg is dan ook die oorwinning by Bloedrivier nie alleen deur die Trekkers nie, maar ook deur hulle volksgenote in die Kolonie as 'n groot verlossing beskou. Die mag van Dingaan was geknak, en sy uiteindelike totale ondergang kon tegemoet gesien word.

## § 8. Begin en End van die Republiek in Natal.

Toe die Groot Trek begin, was daar 'n goewerneur in die Kaapkolonie, wat teenoor die uitgeweke koloniste 'n simpatieke



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

houding ingeneem het. D'Urban se mag om hulle te help, of in elk geval om hulle nie te hinder nie, was egter beperk. In die eerste plek het die filantrope soveel invloed by die Britse minister van kolonies, lord Glenelg, gehad, dat ook D'Urban op hoër bevel na hulle voorskrifte moes handel; en buitendien was die gesag oor naturelle-aangeleenthede deur die aanstelling van Stockenström vir 'n groot deel uit sy hande geneem. Hoe laasgenoemde oor die ideale van die Trekkers gedink het, blyk uit sy aanbeveling, dat Port-Natal deur Britse troepe in besit moes geneem word, en wel as „the first step towards further arrangements for arresting a system of encroachment, usurpation, oppression and bloodshed, which, though familiar in the history of South Africa, was even there unparalleled in atrocity and extent.''

Hier het ons dan die begin van die anneksasie- en vervolgingspolitiek, wat veel daartoe bygedra het om die diep en wye kloof tussen Boer en Brit nog dieper en wyer te maak; maar vóór ons die verloop daarvan in Natal nagaan, moet ons van twee kante af voorbereidende inligting verskaf. Ons moet nl. aandui, watter aanleiding daar by die Britse gesagvoerders en by die Trekkers tot Britse inmenging in Natal was.

Die remmende invloed van D'Urban op wat ons die filantropiese imperialisme van Stockenström en Philip kan noem, is gou uitgeskakel. Sy opienie was so direk in stryd met dié van sy here en meesters in Engeland, dat Glenelg hom in Mei 1837 berig van sy ontslag gestuur het. Sy opvolger was sir George Napier, 'n krygsman, wat in die Napoleontiese oorloë naam verwerf het, maar wat as gevolg van sy militêre loopbaan, sy gebrek aan administratiewe ondervinding en sy vooringenomenheid teen die Boere, maklik gehoor gegee het aan die inblasings van hulle vyande en tot 'n politiek van aksie, soos deur Stockenström aan die hand gegee, kon beweeg word. Tot 1844 het hy hier die bewind gevoer, en onder die Kaapse regeringsvorm van destyds, wat soos ons sal sien, altyd 'n baie groot mate van outokratiese mag in die hand van die goewerneur gelaat het, kon hy veel doen om die Trekkers te dwarsboom. Die afsny van die ammuniesietoevoer na hulle was een van die maatreëls wat aangewend is om te voorkom dat hulle meer Kafferbloed sou verspil. Gelukkig kon hierdie bepaling nie heeltemal uitgevoer word nie, en is die pioniers oorkant die grens nie totaal weerloos gemaak nie.

Gelukkig ook het Napier, nes baie van sy voorgangers en opvolgers, taamlik gou sy opienie omtrent die naturelle, in elk geval wat die Kosas betref, gewysig. Dit was 'n gevolg van sy



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

besoek aan die oosgrens teen die middel van die jaar 1838. Hy is daar deur eie waarneming oortuig, dat die aanleiding tot die oorlog van twee jaar tevore nie van die kant van die koloniste gekom het nie, en hy het by Glenelg ingetree om hulle gedeeltelik vir die skade wat hulle gely het en wat op £350,000 bereken was, te vergoed. Glenelg het natuurlik geweier om hierdie voorstel te ondersteun. Op sy reis het Napier ook met Stockenström beter kennis gemaak — en nie tot voordeel van die luitenant-goewerneur nie. Hy moes nl. as regter optree in 'n baie onaangename saak, wat gevloei het uit 'n stryd tussen Stockenström en die siviele kommissarisse van Albanie en Graaff-Reinet, Campbell en Van Rijneveld; en waarby die groot beskermheer van die naturelle beskuldig is dat hy in 1813 'n Kaffer doodgeskiet het. Dit is wel bewys dat die beweerde moord deur Stockenström gepleeg, in 'n aanval op 'n klomp veediewe plaasgevind het, en geensins as laakbaar nie, maar as 'n gewettigde militêre maatreël moes beskou word; maar die onpopulêre luitenant-goewerneur was so woedend oor die beskuldiging en die agitasie teen hom, wat daaraan voorafgegaan het, dat hy op verlof na Engeland gegaan het om by Glenelg dié simpatie te soek, wat hy in sy eie land kwyt was. Hy het te laat daar aangekom. Glenelg se dae van heerskappy was ook juis getel. Sy behandeling veral van die politieke situasie in Kanada, waar soos ons weet in 1838 'n opstand uitgebreek het, het hom sy setel in die kabinet gekos, en Stockenström het by die kollegas van sy gevalle beskermer nie baie ondersteuning gekry nie. Deur die leuse van „aanhou wen'' te beoefen en deur sy aanspraak op vergoeding vir wat hy vir die imperiale regering gely en gedaan het, sterk te beveg, het hy egter daarin geslaag om met 'n baronetstietel en 'n pensioen van £700, betaalbaar uit die koloniale kas, na Suid-Afrika terug te keer. Op 31 Mei 1840 was sir Andries Stockenström dan weer terug in die land, wat hy in sy woede vir altyd afgesweer het. Vir 'n geruime tyd verdwyn hy nou van die historiese gesigseinder.

Napier was gou gereed en begerig om die hawe van Natal vir Engeland in besit te neem. Glenelg was ook ten gunste van maatreëls om die Kaffers teen die Trekkers te beskerm, maar hy was 'n lid, en 'n baie swak lid, van 'n liberale kabinet, wat prinsipiëel teen die uitbreiding van die Britse Ryk was, en hy wou dus nie sy toestemming tot die „eerste stap,'' deur Stockenström aanbeveel, verleen nie. Napier het toe op eie gesag in November 1838 troepe onder majoor Charteris gestuur om Port-Natal te beset, en Pretorius moes na sy terugkeer van die oorwinning by Bloedrivier tot sy groot teleurstelling verneem, dat



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

Charteris in die Baai aangekom het, dat hy weier om ammuniesie deur die Boere bestel te los, en dat hy namens Napier hulle aanspraak op vryheid ontken. Hulle sou as Britse onderdane verantwoording vir hulle dade aan die Kaapse goewerneur skuldig bly. Napier het waarskynlik gemeen dat as hy die Britse regering voor 'n voldonge feit stel, hy goedkeuring van sy anneksasie-politiek sou verkry, maar in 1839 was die nuwe minister van kolonies, lord John Russell, nog nie daartoe te beweeg nie. Teen die end van die jaar is Charteris dus teruggeroep.

Nou kon die Natalse Trekkers weer die hoop koester dat die einddoel van al hulle strewe, die vry republiek, waarvoor hulle so duur betaal het, veilig was. Ook wat die Soeloes betref, was die toestand gunstig. Na die eerste neerlaag van Dingaan se iempies teen die Boere, het die Soeloekoning dieselfde ondervinding opgedaan as Napoleon en ander despote, wie se gesag op militêre mag berus het. As dié mag ernstig geknak word, dan is die val van die dwingeland nie meer ver nie. 'n Groot gedeelte van die Soeloes het dan ook afvallig geword, en Panda, 'n halfbroer van Dingaan, het hulle leier geword en in Oktober 1839 met die Boere 'n bondgenootskap gesluit. Hulle erken hom as koning van die Soeloes en beloof hulle steun om Dingaan totaal te verdrywe. In die begin van 1840 het die geallieërdes dan die laaste beslissende veldtog teen die gemeenskaplike vyand uitgevoer, en op 30 Januarie is Dingaan verpletterend verslaan deur Panda. Die Boere het nie aan hierdie geveg deelgeneem nie, maar die gerug dat hulle kom, was genoeg om Dingaan se leër op die vlug te ja. Hyself het met 'n klompie volgelinge ver in die noorde gaan veiligheid soek, maar die Swasies wou hom geen deurtog gun nie, en ons sal ons herinner hoe Karel Trigardt op sy terugkeer van sy lang reis toevallig in die nabyheid was, toe die tiran van Oemkoengoenklovoe eindelik onder Swasie-asgaaisteke sy bloedige loopbaan geëindig het.

In die tussentyd is sake in Natal verder gereël. Op 1 Februarie 1840 is Panda offisieel as 'n vasal van die Natalse republiek opgeneem, en terselfdertyd is die grense van die gebied van die Boere en van Soeloeland vasgestel. Eersgenoemde sou beskou word te strek tussen die see en die berge van die Oemsimwoeboe tot aan die Toegela, terwyl die vasalgebied noord daarvan tot aan die Swart Oemvolosie aangewys is.

Ook op konstitusionele gebied was groot vordering gemaak. In 1839 het 'n duidelik uitgewerkte grondwet die eerste tentatiewe pogings in dié rigting, toe die Boere nog anderkant die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

berge aan trek was, vervang. Daarin word voorsiening gemaak vir 'n behoorlik gekonstitueerde volksraad. Die republiek word in 24 veldkornetskappe verdeel, en elke veldkornetskap vaardig 'n lid af, wat één jaar moet dien. Kiesers is alle persone wat die ouderdom van 21 jaar bereik het — dus ook vroue! Die volksraad is die draer van die hoogste wetgewende en uitvoerende gesag, maar stel daarby ook magistrate, landdroste en heemrade aan om reg te spreek, en bepaal hulle bevoegdhede. Interessant is dat ook die juriestelsel dadelik opname vind. Juis in ernstige en kriminele sake en ook in die hoogste appélhof fungeer twaalf „gezworenen,'' wat b.v. by die doodstraf 'n unanieme oordeel moet vel, maar die volksraad behou die vetoreg en kan ook strawwe versag. Die grootste leemte in hierdie grondwet was die gebrek aan 'n sterk administratiewe orgaan. Die volksraad kies elke keer wanneer dit vir 'n sessie vergader 'n voorsitter, en na die vergadering vorm hy met 'n kommissieraad van sowat vyf persone 'n soort van sentrale bestuur, maar die mag van hierdie bestuur was baie beperk. Daar was dus geen president nie.

Naas hierdie beskrewe konstitusie het die ou oorgeërfde militêre stelsel bly voortbestaan, en was dit in baie opsigte van meer betekenis as die nuwe konstitusionele reëling. Andries Pretorius het b.v. sy amp as kommandant-generaal behou, en as sulks sowel as deur sy persoonlikheid het hy veel meer invloed besit as die wisselende voorsitters van die volksraad.

Belangrike wetgewende en administratiewe werk is dadelik aangepak, en die Trekkers, tot rus gekom, het bewys genoeg gelewer dat hulle 'n ordelike staatswese wou skep en ook daartoe in staat was. Die republiek is in drie distrikte verdeel: Pietermaritzburg, Wene en Port-Natal, en eiendomplase, volgens die ou metode afgery of aangedui, is aan die burgers daarin toegeken. Hierdie grondverdeling was één van die sake waaraan die volksraad besonder baie aandag gegee het. Dit was dan ook vir 'n gemeenskap wat op plase moes lewe, van veel betekenis. Besondere sorg is verder aan kerklike aangeleenthede bestee. Daar was slegs één geordende predikant, ds. Lindley, maar soos ons weet, is onder die Kalvinistiese kerklike organisasie die stigting van 'n gemeente nie van die teenwoordigheid van 'n predikant afhanklik nie, en ons vind dus dat verskillende gemeentes in Natal en wes van die berge in die lewe geroep is. Lindley was die predikant in Pietermaritzburg van die kerkie, volgens die gelofte van Sarel Cilliers gebou, maar hy het ook Durban, Wene, Winburg en Potchefstroom besoek.

Ons kan 'n oomblik met hom die toestande suid en noord



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

van die Vaalrivier in oënskou neem. Suid van die rivier was verspreide groepe Trekkers oor die groot gebied woonagtig — van Adam Kok se grense, noord van Philippolis, en die streek van die Caledonrivier, waarop Mosjes aanspraak gemaak het, tot in Winburg. Onder hulle was geen algemeen erkende gesag nie, maar in Winburg het 'n hof van landdros en heemrade oorgebly of ontstaan, en kommandant Mocke het hier as leier gegeld. Hendrik Potgieter het hom intussen met 'n aantal van sy volgelinge aan die Mooirivier gevestig, waar daar ook vage voortekens van 'n volksraad sigbaar geword het, maar hy en sy krygsraad het die werklike regering uitgemaak. Pretorius het as kommandant-generaal 'n aanspraak op die militêre leierskap van al die Trekkers geërf, en die idee dat die verband tussen hulle behou of herstel moes word, was sterk by hom aanwesig. Hy het hom ook sterk in dié rigting beywer, en deur besoeke aan Winburg en Potchefstroom het hy daarin geslaag om 'n soort van uniale federasie tot stand te bring. Dis ooreengekom dat Potgieter as hoofkommandant sy eie gesag behou, maar verder dat die volksverteenwoordigers wes van die berge 'n adjunkraad daar vorm, ondergeskik aan die Natalse volksraad, waarin hulle egter ook sitting verkry. So sal ons dan vind dat veral die Winburgers 'n lewendige aandeel aan die besprekings in Pietermaritzburg begin neem.

Nou was alles voorlopig taamlik agtermekaar, en die enigste werklik dringende vereiste vir die voortbestaan en gesonde ontwikkeling van die Natalse republiek was sy erkenning deur die Britse regering. Napier wou hiervan natuurlik nie hoor nie, maar hy kon ook nie ingryp nie, want die verklarings van Glenelg en lord John Russell teen enige uitbreiding van die ryk het sy hande gebind. In Junie 1840 is Russell egter eindelik deur filantropiese argumente oorgehaal om sy toestemming tot die besetting van Port-Natal te gee; maar die berig hiervan het Napier op 'n baie ongeleë tydstip bereik. Daar was groot onrus op die oosgrens van die Kaapkolonie. Die koloniste moes onder die foute van Glenelg en Stockenström bitter ly, want met die terugkeer van die Kosas na die suide het die ou storie van diefstal en moord hom herhaal, en besonder erg het dit geword, toe Sandielie, die opvolger van Gaika, in 1840 die manlike jare bereik het, en sy maats, die jongkaffers, op 'n groot skaal hulle kordaatstukke begin uithaal het. Napier het dit nodig geag om na veel strawwer maatreëls teen die Kaffers op die oosgrens terug te gryp, b.v. die vergoedingstelsel van Somerset, maar hy het maar min steun uit Engeland gekry. Trouens, sy troepemag is verminder, en selfs na die val van die Russell-ministerie in



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

September 1841 en die tydelike bewind van die konserwatiewe onder sir Robert Peel, was hy nie in staat om deur 'n kragtiger politiek die dreigende oorlogswolke langs die Vis- en die Keiskammariviere te verdryf nie. Die toestand het eerder erger geword, want daar was onderlinge stryd tussen die stamme langs die hele kusstreek tot aan die grens van Natal, en Mosjes het ook leërs gestuur om in die troebel waters te vis en buit te haal.

In die tussentyd was die Natalse volksraad besig om met Napier oor die erkenning van die onafhanklikheid van die republiek te onderhandel. Na die terugtrekking van die Britse besetting uit Port-Natal het hulle die hoop gekoester, dat hulle nou met rus gelaat sou word, en Napier, wat sy aandag aan die dreigende toestand in Kafferland moes gee, het hulle voorlopig nie uit hulle droom gehelp nie, maar Russel se instruksie tot anneksasie agterweë gehou. Hy was waarskynlik in elk geval van plan om daarop te handel, wanneer die tyd vir hom meer geleë sou word, maar soos die geluk of ongeluk dit wou hê, volg toe juis uit die troebele onder die Kaffers in die kusstreek tussen Natal en die Kolonie 'n reeks van gebeurtenisse, wat hom 'n baie goeie nuwe rede gegee het om aan die onafhanklikheid van die republiek 'n end te maak.

'n Rowerstammetjie, die Bakas, by die Oemsimwoeboerivier woonagtig, het van die vee van die Natalse boere gesteel, en teen die end van 1840, toe die onderhandelinge met die Kaapse goewerneur oor die erkenning van die onafhanklikheid van Natal aan die gang was, moes die volksraad besluit of die Bakas gestraf sou word of nie. Sommige lede was juis met die oog op die genoemde onderhandelinge beslis daarteen gekant om 'n kommando teen die rowers te stuur, maar die meerderheid het besluit om dit tog te doen, en kommandant-generaal Pretorius, het met sukses die strafekspediesie gelei. Dit was egter 'n Pierriese oorwinning, want via die sendelinge het dit die Engelse troepe op die grens van Natal gebring. Die bedoelde sendelinge was onder die Pondo's, bure van die Bakas, werksaam, en die Pondo-opperhoof, Fakoe, wie se gewete ten opsigte van Trekkerbeeste miskien ook nie heeltemal rein was nie, en wat hom oor die nabyheid van die Boerekommando baie onrustig gevoel het, smeek die sendelinge om hom te help, —want die Boere wil sy grond afneem! Hy het hierby die oog gehad op 'n stuk land noord van die Oemsimwoeboerivier, waar die Pondo's tydens die opperheerskappy van die Soeloes nie gewaag het om hulle voete te sit nie; maar vir die sendelinge was dit genoeg dat Fakoe op hierdie grond aanspraak



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

maak, om sy reg daarop te erken, en in Januarie 1841 rig Fakoe deur sy blank raadgewers 'n brief aan Napier, waarin hy te kenne gee, dat hy onder Britse beskerming wil kom, omdat hy in vrees vir die Boere leef. Napier het onmiddellik hierop ingegaan en 'n afdeling troepe na Pondoland gestuur. Van nou af slaan hy ook heeltemal 'n ander toon in sy onderhandelinge met die Natalse volksraad aan. In Junie 1841 b.v. stel hy as grondvoorwaarde daarby; die volledige erkenning deur die Trekkers dat hulle onderdane van die koningin van Engeland is en gehoorsaamheid aan die Britse regering verskuldig bly.

Die posiesie was reeds uiters kritiek, en nou gebeur nog iets om Napier te beweeg om die laaste beslissende stap tot die anneksasie van Natal te doen. In Augustus 1841 verskyn 'n Amerikaanse handelskip, die *Levant,* in die hawe van Durban, en begin die Trekkers sonder Britse tussenkoms ekonomiese betrekkings met die buitewêreld aanknoop. Nou was Engelse filantroop en Engelse koopman dit eens dat anneksasie absoluut noodsaaklik geword het, en op 2 Desember 1841 vaardig Napier 'n proklamasie uit, waarin hy aankondig dat Port-Natal weer beset sal word. Sy motivering was o.m.: Die Britse regering kon die onafhanklikheid van die emigrante nie erken nie, ook nie hulle aanspraak op Fakoe se grond noord van die Oemsimwoeboe nie, en hy vrees vir botsing en verdere bloedvergieting. Tevergeefs het die volksraad hierteen geprotesteer. In Mei 1842 staan kaptein Smith met 260 man by Durban en slaan sy kamp op. Ook 'n Boerekommando onder die kommandant-generaal maak hulle verskyning daar, en Pretorius eis van Smith dat hy dadelik sy troepe moet terugtrek oor die grens. Sy antwoord was kort en saaklik: „I shall not go; I shall stay.''

Op 23 Mei het die Boere die vyandelikhede begin, deur van die vee wat Smith vir die voeding van sy troepe baie nodig had te buit. Dieselfde nag maak die Engelse troepe 'n aanval op die Boerekamp, maar word met groot verlies afgeslaan. Daarna word die Engelse in hulle kamp ingesluit, en daarmee was die vegtery feitlik op 'n end. Dit was vir die Boere 'n nuwe soort van oorlogvoerdery hierdie, teen goedgewapende en verskanste blankes, en hulle het nie daarin uitgeblink nie. So swak was b.v. hulle insluiting van die Engelse fort, dat Richard King daarin geslaag het om teperd daaruit te ontsnap en sy beroemde rit na Grahamstad uit te voer. Die Engelse bevelvoerders in die Kaapkolonie het dus vroegtydig berig ontvang dat Smith in gevaar verkeer en versterking dringend nodig het.



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

In die tussentyd het Pretorius se leërmag tot 600 man aangegroei, want ofskoon Potgieter geweier het om hulp te stuur, het kommandant Mocke van Winburg gehoor gegee aan die oproep van die kommandant-generaal en met 'n kommando by Durban verskyn. Pretorius het dit egter nie gewaag om die vyandige kamp aan te val nie, en toe die Engelse oorlogskip, die *Southampton,* op 26 Junie 1842, die hawe van Natal inseil, het die Engelse vlag nog oor die fort gewaai.

Die versterking wat so opgedaag het, was onder bevel van majoor D'Urban, 'n seun van die gewese goewerneur, wat destyds nog in Wynberg woonagtig was. Uit die briewe van hierdie jong offisier aan sy vader is duidelik dat die verset van die Boere maar swak was, en dat hulle veral nie teen die vuur van die skeepskanonne bestand geblyk het nie. Ons sal ook by latere geleenthede dieselfde verskynsel aantref, nl. dat die Boer, hoe dapper ook waar hy op sy roer kan vertrou, vir 'n kanon, wat baie verder as sy „ou Sanna'' kon skiet, baie skrikkerig was. Na 'n beleëring van 26 dae kon Smith sy verlossers welkom heet en met tevredenheid aanskou, hoe die Boere hulle laer opbreek en na Pietermaritzburg terugtrek.

Vir die volksraad was dit duidelik dat die voortsetting van die stryd in Natal teen die magte, waaroor Engeland kon beskik, 'n hopelose onderneming sou wees, en dat al wat gedaan kon word, was om deur onderhandelings soveel van die duurgekogte vryheid te red as wat redbaar was. Hierdie onderhandelings is van die Engelse kant gevoer deur kolonel Cloete. Hy het vir majoor D'Urban vergesel, en na die verdrywing van die Boere uit Port-Natal het hy die bewind van hom oorgeneem. Teen die middel van Julie verskyn Cloete in Pietermaritzburg. Mocke en sy mense het in die tussentyd weer Natal verlaat, en 'n uitgedunde en mismoedige volksraad het op die advies van Pretorius en ander leiers, soos Boshoff en Landman, besluit om die gesag van die Engelse koningin te erken. Die idee daarby was dat die Natalse koloniste 'n groot mate van selfregering sou behou, en baie het ook die hoop gekoester dat Nederland met sukses vir die voortbestaan van die Natalse republiek by Groot-Brittanje sou intree. Hierdie hoop, wat natuurlik heeltemal ydel was, is deur die besoek van 'n Hollandse handelskip, die *Brazilia,* en Smellenkamp, 'n Hollandse handelsreisiger, wat daarop was, gewek.

Byna 'n jaar het verbygegaan, voordat die Kaapse goewerneur verdere stappe tot die werklike anneksasie van Natal gedaan het. Kolonel Cloete en majoor D'Urban keer in die tussentyd na Kaapstad terug en laat vir Kaptein Smith as



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

bevelvoerder oor die Engelse garnisoen by Port-Natal agter. Verder as die kus het sy gesag nie gereik nie, en afgesien van die beheer wat Smith oor die verkeer met die buiteland uitgeoefen het, was die volksraad nog die eintlike regering. Van groot betekenis was egter die feit dat hierdie regering se mag in één baie belangrike opsig, as gevolg van die aanwesigheid van die Engelse besettingsgarnisoen, ingekort was; die Boere het nl. nie die reg gehad om vir die handhawing van wet en orde kommando's te gebruik nie. Onder hierdie verbod van selfverdediging het hulle bitter gely. Nuwe moeilikhede in Soeloeland het tot resultaat gehad dat 50,000 Soeloes in Natal kom veiligheid soek het, en die verspreide koloniste was hulle vee en selfs hulle lewe nie meer seker nie.

Op 5 Junie 1843 verskyn eindelik weer 'n afgesant van die Kaapse regering in Natal, om die anneksasie van die hele gebied effektief deur te voer. Dit was 'n Kaapse advokaat, Hendrik Cloete, 'n broer van die kolonel. Hy het ook onderhandelings met die volksraad aangeknoop, maar nou dat dit duidelik was dat Nederland die republiek nie sou red nie, het baie Trekkers geweier om somar weer gedwee hulle vryheid prys te gee. Die volksraadsbesluit tot onderwerping, van die vorige jaar, het trouens nie die gevoelens van die meerderheid gereflekteer nie, en veral Mocke en ander verteenwoordigers uit die binneland, wat nou weer opgedaag het, was baie heftig in hulle proteste. Die vraag, wie in die volksraad wat met Cloete moes onderhandel, sitting sou hê, het byna tot 'n geveg gelei, maar toe die binnelanders van Cloete verneem dat die Britse regering alleen die gebied tot aan die Drakensberge annekseer, het hulle hul verset gestaak en na Winburg en Potchefstroom teruggekeer. Die Natalse malkontente het egter vir Pretorius, wat tot onderwerping onder die bes moontlike voorwaardes aangeraai het, nog baie moeite gegee. Ook die vroue het vir hulle aan die kant van die vryheid laat geld, en Cloete het 'n vergadering van hulle in die hofsaal toegespreek om hulle tot ander insigte te bring. Hy het nie daarin geslaag nie. Hulle het die deure toegesluit, sodat hy nie kon wegkom nie, en twee uur lank het hulle hom vertel wat hulle van die Britse regering dink. Aan die end het die vrou van eerwaarde Smit die bekende woorde gebruik: „Voordat ons ons aan die Engelse oorheersing onderwerp, sal ons liewer kaalvoet oor Drakensberg terugloop.''

Vir Cloete het die grootste moeilikheid gelê in die grondbeginsels, wat die Britse regering by die anneksasie van Natal neergelê het en wat die volksraad moes erken. Daar was drie



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

punte: (1) Daar mag geen verskil voor die wet bestaan as gevolg alleen van kleur, afkoms, taal of godsdiens nie; (2) geen militêre aksie teen naturelle buite die grense van Natal sal toegelaat word nie, tensy onder die direkte opdrag en gesag van die regering; (3) slawerny in enige vorm en van enige aard is absoluut verbied soos in alle ander dele van die Britse ryk. Met punte (2) en (3) het die volksraad akkoord gegaan, maar punt (1), die gelykstelling van Swart en Wit, het ontsettend veel teenstand onder die Natalse Trekkers verwek. Soos ons weet, was dit juis hierdie gelykstelling wat die belangrikste grondoorsaak van die hele Trekbeweging gewees het. Cloete kon egter geen verandering in sy opdrag maak nie, en eindelik op 8 Augustus 1843 het die volksraad ook punt (1) aanvaar. Die volgende dag het baie Boere weer begin trek, terug oor die berge, weg van 'n land, waar (dit was hulle vrees) die regering op negrofilistiese beginsels ingerig sou word. Ook onder die wat agtergebly het, was soveel bitterheid, dat Smith met 'n afdeling troepe na Pietermaritzburg gekom het om die gesag van die Britse regering daar te handhaaf.

Oor die toekomstige regeringsvorm van die nuwe kolonie was nog nie besluit nie. Die volksraad het in die tussentyd bly voortbestaan, en die verwagting was dat 'n ruimer mate van selfbestuur bestendig sou bly. Die volksraad het dan ook die Kaapse goewerneur met voorstelle in hierdie rigting probeer voorlig. Dit was alles moeite tevergeefs. In 1845 is 'n luitenant-goewerneur na Natal gestuur, wat met 'n aantal beamptes die administrasie van die gebied oorgeneem het. In belangrike sake was hy ondergeskik aan die Kaapse goewerneur en wetgewende raad. Van selfbestuur in Natal het dus niks oorgebly nie, en die volksraad het onder die nuwe stelsel 'n natuurlike dood gesterf.

Die trek van die Boere uit Natal het voortgegaan. Die gebrek aan 'n demokratiese regeringsvorm het veel hiertoe bygedra, meer nog egter dieselfde twee bronne van ontevredenheid wat reeds in die Kaapkolonie soveel beroering gebring het, nl. die Kafferkwessie en die Grondkwessie. Teenoor die naturelle was die Boere weer onveilig. Die Soeloes is weer as 'n heeltemal onafhanklike nasie beskou, en troebele in Soeloeland het gedurig van hulle oor die grense van Natal gestoot en ook in ander opsigte moeilikhede en gevare vir die kolonie opgelewer. Verminder in getalle en onderwerp aan 'n regering, wat van militêre maatreëls teen die Kaffers afkerig was en wie se raadgewer aangaande naturelle-aangeleenthede 'n groot Kaffervriend Theophilus Shepstone, was, het die Boere gevrees



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

dat die ou bekende wantoestande, wat langs die Visrivier geheers het, na Natal sou oorgeplaas word. Nog meer onrusbarend vir hulle was egter die feit, dat die nuwe regering in baie gevalle die grondregte, wat hulle onder die republiek verwerf het, nie wou erken nie. Baie het dus besluit om in die wye binneland, waar grond volop was en die Boer met sy roer sy besit kon verdedig, 'n gelukkiger bestaan te gaan soek. Ook Pretorius, wat lank uitgehou het, in die hoop dat hy vir sy rasgenote in Natal van diens kon wees, het uiteindelik tou-opgegooi, en in die begin van 1848 staan hy ook met sy waens op die Drakensberg.

## § 9. Die Trekkers in die Binneland.

'n Mens kan sê dat die Britse liberalisme uit filantropiese belangstelling in die welsyn van die naturelle, en met die oog op uiteindelike kommersiële voordele, die Trekkers na Natal agtervolg het. Dieselfde liberalisme het vir 'n lang tyd, en in die begin alleen om redes wat in hulle wese filantropies was, ook die Trekkers in die binneland laat verstaan dat hulle vryheidsdroom ydel was, dat hulle nie opgehou het om Britse onderdane te wees nie, en dat hulle te eniger tyd, veral as gevolg van stappe teen die gekleurde rasse, deur spesiale magistrate en ander maatreëls onder die „Cape of Good Hope Punishment Act'' aan die gesag van die owerheid in Kaapstad en Engeland kon onderwerp word. Dit was die standpunt van sir George Napier; en sy opvolger, sir Peregrine Maitland het onder opdrag van die Britse minister van kolonies in 1845 ook geproklameer, „that her Majesty the Queen, by graciously establishing in the district of Natal a settled form of Government, was not to be understood as in the least renouncing her rightful and sovereign authority over any of her subjects residing or being beyond the limits of that district.''

Potgieter se instink, dat hoe verder hy trek, des te vryer van Britse inmenging sy staatstigting sou wees, was egter baie juis; want die Britse liberalisme het, soos ons weet, 'n suinige beleid daarop nagehou, en was nie begerig om nuwe verantwoordelikhede in die binneland te aanvaar nie. Om hierdie rede dan ook is die politiek van die sogenaamde Verdragstate ingeslaan. Die idee was om verdrae van vrede en vriendskap met inboorlinghoofde, wat naby die koloniale grense woon, te sluit en om sodoende met behulp van die natuurkinders, wie se soewereine gelykwaardigheid en regte erken moes word, 'n goedkoop en humane end te maak aan die lang reeks van oorloë



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

tussen Swart en Wit, wat so baie geld en lewens gekos en die beskawende bedrywigheid van die sendelinge teengewerk het. Dit was 'n mooi ideaal, maar ongelukkig gegrond op 'n foutiewe opvatting omtrent die karakter van die naturellestamme, vir wie 'n uitgerekte toestand van vrede onder mekaar en met hulle blank bure iets onnatuurliks was, en ook omtrent die geaardheid van hulle staatstigtings, wat alleen in buitengewone gevalle, soos b.v. by die Basoetoes onder Mosjes, langdurige stabiliteit kon vertoon. Egter, op hierdie basis het Stockenström D'Urban se planne omvergegooi en vrede aan die Kosas gegee. So ook het 'n verdrag met Fakoe, die Temboehoof, tot stand gekom. Dit was alles in één lyn met die ooreenkoms, wat reeds in 1834 met Andries Waterboer van Griekwastad, noord van die Oranjerivier, gesluit was, en om die ketting van verdragstate langs die noordelike grens van die Kaapkolonie kompleet te maak, is in 1842 ook Mosjes as 'n gelykwaardige en welwillende bondgenoot van haar Brittanniese Majesteit opgeneem, en in 1843 Adam Kok, hoof van die Griekwas by Philippolis. Uit hierdie laaste verdrag het die eerste moeilikhede met die binnelandse Trekkers ontwikkel.

Die Boere wat in die gebied tussen die Oranje en die Vaal woonagtig was, het verskillende aparte groepe uitgemaak. Die Winburgers onder Mocke was egte Voortrekkers, republikeinsgesind en onwillig om onder Britse gesag teruggebring te word. In die suide, langs die Caledonrivier, naby Mosjes se vage landpale en in die omgewing van die Modderrivier, waar Adam Kok van Philippolis 'n geografies ewe onduidelik afgebakende heerskappy gevoer het, was baie Boere wat nie vryheid nie, maar weiveld en grond kom soek het; en onder die leiding van sekere Oberholzer het 258 ,,Engelsgesinde'' familiehoofde uit die streek van die Modder- en Rietriviere werklik tydens die anneksasie van Natal 'n versoek aan die Engelse regering gerig om ook geannekseer te word. Hulle het die gesag van die Winburg-Potchefstroomse Adjunkraad nie erken nie; en dit geld ook van die bewoners van die Caledonstreek. Daar was dus vir die Engelse regering alle kans om hierdie suidelike mense se gehegtheid aan die Kaapkolonie te bestendig, en om sodoende die anneksasie van die hele latere Vrystaat langs vreedsame weg voor te berei. Die Verdragstelsel het hierdie natuurlike ontwikkelingsproses belemmer, en die uiteindelike resultaat was dat die republikeinse ideaal ook in die suide die ondersteuning van die meerderheid gekry het.

Dit was veral die vernederende en onmoontlike posiesie waarin die Boere teenoor Adam Kok gestaan het, wat in die



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

begin die deurslag gegee het. Hy en sy Basters, nes die Griekwas van Andries Waterboer, was eweseer as die Boere nie lank tevore nie nog Britse onderdane gewees, want hulle het ook uit die Kolonie getrek, maar omdat hulle kleurlinge was en dr. Philip se voorspraak had, is hulle onafhanklikheid erken en moes die Boere selfs in streke, wat nooit deur Griekwas bewoon was nie, maar waarop Adam Kok en Andries Waterboer na willekeur aanspraak gemaak het, met die hoed in die hand voor die soewereine Griekwahoofde verskyn. En as daar tussen Boer en Griekwa stryd ontstaan, of as 'n blanke van een of ander misdaad of vergryp beskuldig word, dan laat Adam Kok die beweerde blank onrusstoker of misdadiger arresteer en lewer hom aan die naaste koloniale hof oor. Daarby het nog gekom, dat die Boere geen versekering van hulle grondregte deur koop van die Griekwas verwerf, gehad het nie.

In 1844 het sake kritiek begin word. Adam Kok het 'n Boer, Hermanus van Staden, weens beweerde moord op 'n Engelsman, George Mills, laat arresteer en na Colesberg gestuur. Mocke het hom met die saak ingelaat en van Kok geëis dat hy Van Staden se verhoor aan die Winburgse geregshof moes oorlaat. Kok het spottend geantwoord dat, aangesien al die Boere Britse onderdane is, hy Mocke se outoriteit nie erken nie. Mocke maak toe aanstaltes om Philippolis aan te val, en Adam Kok roep die hulp van die koloniale regering in. Hierdie moeilikheid het egter oorgewaai, toe Van Staden deur die geregshof in Colesberg vrygespreek is, maar die Boere was bitter ontevrede oor hulle toestand, en propagandiste uit die noorde, soos b.v. Jan Kock, 'n vurige ondersteuner van Hendrik Potgieter, het vrugbare grond vir hulle republikeinse saadkorrels onder hulle suidelike rasgenote begin vind. Potgieter het self na Philippolis gekom om 'n beter verhouding tot die Griekwas te skep, en Adam Kok se brutale optree teenoor die groot Voortrekkerleier het die toestand vererger. Al die Boere, sê hy, is Britse onderdane, en in sy relasies tot hulle erken hy alleen die Kaapse regering, en sal hy uitvoering gee aan die verpligting wat hy as onafhanklike, bevriende hoof onder die Napierverdrag op hom geneem het, nl. om blank misdadigers aan sy bondgenoot suid van die Grootrivier te oorhandig. Kort hierna is 'n Boer weer met geweld deur Griekwas in arres geneem. Dit was die laaste strooitjie. Die Boere vorm 'n kommando en bedreig Philippolis. Adam Kok roep weer luidkeels om hulp. Die magistraat van Colesberg stuur ammuniesie en gewere en gelas „the Emigrant British subjects unlawfully assembled in arms'' om die Engelse bondgenoot met rus te laat. 'n Afdeling



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

troepe onder kolonel Richardson kom op die toneel, en by Swartkoppies vind die eerste botsing tussen Boer en Brit op Vrystaatse grond plaas. Ook hier, nes in Natal, het die Boere teen 'n goed toegeruste Europese militêre mag 'n swak figuur geslaan. Hulle het 'n beter gebruik van hulle spore as van hulle geweers gemaak, en die leiers uit die noorde, Mocke en Jan Kock, was gou weer in Winburg. Die Lojaliste onder Oberholzer het gejuig, maar hulle getal was nie groot nie. Of die weer sou aangroei, sou afhang van die maatreëls wat die Engelse regering nou tot beskerming van die uitgeweke Boere gereed sou wees om te tref.

Teen die middel van 1845 het sir Peregrine Maitland self oor die Oranjerivier gegaan en die hoofde daar, o.a. vir Mosjes, Waterboer en Adam Kok, ontmoet. Met laasgenoemde is toe die bekende skikking getref dat sy land in twee dele verdeel sou word, 'n vervreembare en 'n onvervreembare. Die onvervreembare deel, die eintlike Griekwareserwe, waarin geen grond aan die blankes kon verkoop word nie, het gelê om Philippolis heen, tussen die Riet- en Oranjeriviere. Na die ooste toe het dit tot aan Mosjes se land gestrek, en die westelike grens was 'n ou lyn, waarvan ons nog meer sal hoor, van Ramah op die Oranjerivier na Davidsgraf by die samevloeiing van die Riet- en Modderriviere. Noord van hierdie gebied, d.w.s. tussen die Modderrivier en die Vaalrivier, was die grond „vervreembaar,'' en die Boere kon voortgaan om hier plase te koop. Hulle sou ook nie langer aan kleurlingkontrole onderwerp word nie, want sonder om die gebied formeel te annekseer het Maitland tog 'n spesiale Britse resident onder hulle geplaas, kaptein Warden.

Warden het in 1846 Bloemfontein tot sy setel gemaak, en dit het gelyk asof die Britse okkupasie van Transoranje sou begin. Die Boere wat hierna verlang het, is egter gou bitter teleurgestel. Warden het uiters moeilike probleme gehad om op te los. Die Griekwa-grondkwessie was nog maar teoreties afgehandel, en het nog steeds geskille opgelewer, veral omdat baie Boere reeds grondregte in die reserwegebied verwerf het; maar veral die Basoetoegrensreëling het duidelike en kragtige maatreëls geëis. Mosjes het sy aanspraak op grond steeds wyer uitgebrei. Sy beginsel was dat waar sy onderdane ook verkies om hulle hutte te maak en hulle vee te laat wei, sulke grond deel van Basoetoeland uitmaak. Die kern van die hele grondkwessie was, dat die koms van blank koloniste waarde aan grond gegee het wat vroeër waardeloos en onbewoon was, en al die hoofde, verlos van die skrik van Silkaats, het probeer om soveel moontlik daarvan vir hulle mense toe te eien. Dan was hulle in die gunstige



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

posiesie om dit vir later gebruik te besit, of om dit aan die Boere, wat die Matabele-gevaar verwyder het, te verkoop. Sonder 'n militêre mag, sterk genoeg om ontsag by die inboorlinge in te boesem, kon Warden nie veel uitvoer nie, en op hierdie punt het ongelukkig sy hele bewind in duie gesak. Hy het nie oor so 'n mag beskik nie. Dit was ook nie die idee dat hy die Boere vir militêre doeleindes moes organiseer nie. Trouens, onder die verdrag met Adam Kok, moes laasgenoemde 200 Griekwas aan die resident verskaf om krag aan sy bevele te verleen. Warden het wel 'n ondersoek aangaande die Basoetoegrensmoeilikhede deur kommandant Gideon Joubert, 'n ondersteuner van die „lojale'' seksie, laat instel, en hy het ook in 'n groot vergadering die hoofde ontmoet, maar verder as woordewisseling en rapportskrywe het dit nie gekom nie, en die Boere het op slot van sake nie meer beskerming as tevore geniet nie.

Met die Trekkers noord van die Vaalrivier, wat op hulle eie krag kon steun, was dit in baie opsigte veel gunstiger gestel. Oop grond was volop, en Potgieter het die een vrugbare streek na die ander in besit geneem. Van Mooirivier, wat hy vir nuwe aankomelinge uit Natal oorgelaat het, trek hy eers na Soutpansberg en toe, alweer op die spoor van Trigardt, in 'n oostelike rigting om handelsbetrekkings met Lourenco Marques aan te knoop. So is in 1845 Andries-Ohrigstad gestig en kort daarna Lydenburg. Dieselfde Smellenkamp, wie se handelsplanne in Natal deur die Engelse besetting verydel is, het uit Portugese gebied met die noordelike Trekkers in verbinding getree en veel daartoe bygedra om voeling tussen Nederlanders en Transvalers tot stand te bring. Andries-Ohrigstad heet dan ook na die hoof van die Hollandse handelshuis, wat hy verteenwoordig het. Sonder moeilikhede en sorge was die Transvaalse Trekkers natuurlik nie; hulle het b.v. verskriklik onder die koors gely, getuig die naam Lydenburg; konstitusioneel was hulle swak georganiseer; en magtige naturelle-stamme het hulle bedreig. Egter, in 1846 het Potgieter 'n suksesvolle krygstog teen die Bapedie uitgevoer, en hierdie noordelike Basoetoes, Sekoekoen se volk van later, het geleer om die Boere te respekteer, en in 1847 het hy 'n derde ekspediesie teen die Matabeles gelei, maar Silkaats was toe reeds so ver noord van die Limpopo woonagtig, dat dit nie nodig geblyk het om hom verder te agtervolg nie.

Ook op konstitusionele gebied het die Transvalers op slot van sake tog iets gehad om mee aan te gaan. Potgieter en sy krygsraad was wel nog altyd in baie opsigte die eintlike regering; as hoofkommandant het hy groot invloed uitgeoefen, en



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

die kommandante en veldkornette van die kommandostelsel het onder hom die werklike gesag gevoer; maar die Transvaalse afdeling van die algemene Trekkersvolksraad het hoe langer hoe meer in betekenis toegeneem. Dit was 'n peripatetiese liggaam en het vir Potgieter in sy omswerwings gevolg, sodat selfs Andries-Ohrigstad 'n tydlank regeringsetel was. Veral na 1844, toe die eerste Transvaalse grondwet, die sogenaamde *Drie-en-dertig Artiekels,* deur die volksraad aangeneem en geproklameer is, het siviele regeringsinstellings 'n groter rol begin speel. Voorsiening is veral toe gemaak vir 'n verbeterde regspraak, en die volksraad was die hoogste geregshof.

Op één gebied het al die binnelandse Trekkers, suid en noord van die Vaalrivier, groot gebrek gely. Ds. Lindley het van tyd tot tyd Winburg, Potchefstroom en Ohrigstad besoek, maar van 'n werklike geestelike bearbeiding van so 'n uitgebreide terrein kon onder die omstandighede natuurlik geen sprake wees nie. Die daaglikse godsdiensoefeninge is wel nie verwaarloos nie, en die reël dat die huisvader Sondags vir sy huisgesin 'n preek lees, al was dit dan ook met stampe en stote, is nagekom; maar die Trekkers was baie begerig om in die verskillende sentrums predikante te hê. Versoeke aan die Kaapse Sinode of private lede daarvan, soos b.v. ds. van der Lingen van die Pêrel, het vir 'n lang tyd niks gebaat nie. Ook in die Kolonie was die gemeentes groot en die pastorale kragte onvoldoende, en buitendien het die Sinode baie sterk onder die invloed van ingevoerde predikante gestaan, en was dit nie geneig om die uitgeweke Boere, wat hulle Britse onderdaanskap nie wou erken nie en teen hulle wettige regering in opstand was, te help nie. Ook moet onthou word dat die Kaapse predikante destyds nog uit die staatskas besoldig was en nie heeltemal onafhanklik kon optree nie.

Uit onmag dan en oordrewe lojaliteit was die offisiële kerk van die Afrikaanse volk in die groot historiese drama, wat in Natal, Transoranje en Transvaal afgespeel is, nie verteenwoordig nie. Eers teen die end van 1847 het die Kaapse Sinode 'n kommissie van twee predikante, di. Andrew Murray van Graaff-Reinet en Albertyn van Prins-Albert, met twee ouderlinge benoem om die emigrante noord van die Oranjerivier te besoek. In die volgende jaar het 'n twede kommissie gemeentes in Smithfield, Harrismith en Bloemfontein gestig, en in Maart 1849 het die jong predikant Andrew Murray, Jr., wat kort tevore sy teologiese studies in Skotland en Nederland voltooi het, in Bloemfontein sy intrek geneem om die geestelike belange van die hele gebied tussen die Oranjerivier en die Vaalrivier te



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

behartig. Uit die lojale standpunt van die Kaapse Sinode was daar niks meer teen sy sending in te bring nie, want soos ons nou sal sien, was die mense nie meer uitgewekе rebelle nie. Hulle land was geannekseer; die Britse vlag het daar gewaai.

Ons sal weldra ons aandag aan die gebeurtenisse in die Kaapkolonie in hierdie tyd gee. Hier moet ons hulle vooruitloop en meedeel dat sir Harry Smith, die onstuimige held van die Kafferoorlog van 1836, nou goewerneur van die Kaapkolonie was. Hy het 'n goeie naam onder die Boere van die oosgrens gehad, en nadat hy in 1847 weer 'n oorlog teen die Kosas tot 'n bevredigende end gebring het, vat hy die plan op om ook noord van die Oranjerivier meer bevredigende reëlings te tref. Aan 'n oormaat van beskeidenheid het hy nie gely nie, en hy was so oortuig van sy bekwaamheid om enige staatkundige probleem vinnig en reg op te los, en van sy populariteit onder die Emigrante-Boere, dat hy uit eie inisiatief besluit het om 'n heeltemal nuwe gedragslyn teenoor hulle en die inboorling-hoofde in Transoranje in te slaan. Die Verdragstelsel, die ongelukkige skepping van Stockenström, Napier en Maitland onder die invloed van Philip, wie se rol eindelik uitgespeel was, moes verdwyn; die inboorlinghoofde moes op hulle plek gesit word en geen gesag oor blankes meer uitoefen nie; en die Trekkers moes direk onder die vaderlike sorg van die Kaapse goewerneur gestel word. Dat hulle dit sou verwelkom en hom met oop arms sou ontvang, was vir sir Harry Smith vanselfsprekend. Ook die inboorlinghoofde moes sy gesag erken.

Op 24 Januarie 1848 ontmoet Adam Kok die goewerneur in Bloemfontein, en moes van hom verneem dat al sy gesag buitekant die reserwegebied opgehef is. Kok wou nog 'n hoë toon aanslaan, maar sir Harry het hom kort gevat en hom gesê dat hy en sy Griekwas reeds twintigmaal soveel grond rondom Philippolis besit as wat hulle nodig het. Holderdebolder gaan die reis nou verder — Winburg toe, waar die goewerneur op 27 Januarie in geselskap van sy sekretaris, Richard Southey, en kommandant Gideon Joubert aankom. Mosjes was hier ontbied en het met sy raadgewers, o.a. die Franse sendeling, Casalis, sy verskyning gemaak. Wonderlik was die optree van die goewerneur teenoor die Basoetoehoof. Om Theal aan te haal: „Sir Harry Smith's eccentricities were displayed in such a way that the chief's attention must have been a good deal distracted. At one moment he was pretending to snore to indicate the state of peace that would follow the adoption of his measures, at another he was illustrating the condition to which the Xosas were reduced by browbeating a Kaffir from



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011

the eastern colonial frontier, and again he was bathed in tears and speechless with emotion when laying the foundation stone of a church.'' Die uitloop van die onderhoud was, dat Mosjes miskien begryp het dat sir Harry Smith van plan was om die land te annekseer en om ook die Basoetoes onder die opperheerskappy van die Britse kroon te stel, en dat die verblufte Basoetoehoof sy instemming hiermee te kenne gegee het.

Vroeg die volgende oggend was sir Harry al weer op pad. Met die Boere het hy nie veel in verbinding getree nie. Klompies van hulle het hom wel hier en daar ontmoet, en deur manne soos Oberholzer is hy verseker dat sy anneksasieplan groot bevrediging sou gee; maar hierdie versekering het hy reeds in sy gemoed gehad, en hy was nou nog net begerig om ook aan Pretorius, van wie hy gehoor het dat hy op vertrek uit Natal staan, die blye tyding mee te deel. Soos 'n warrelwind het hy die kommandant-generaal tegemoet gery en hom die proklamasie gewys wat hy van plan was om uit te vaardig. Volgens sy mededeling was dit sy bedoeling om die hele gebied van die Trekkers te annekseer. Pretorius was verstom en het geprotesteer. Sir Harry se antwoord was dat 'n groot meerderheid van die mense die anneksasie sou verwelkom; en toe Pretorius hierdie bewering in twyfel trek, is afgespreek dat hy na Winburg en Ohrigstad sou gaan om uit te vind, hoe die gevoelens loop. Soos te verwag was, het dit geblyk dat die Winburgers en Transvalers van anneksasie niks wou hoor nie, maar die onstuimige goewerneur het hom nie verder aan sy afspraak met Pretorius gesteur nie. Ook Warden se waarskuwing, dat hy eers troepe moes aanvoer, het hy in die wind geslaan; „My dear fellow,'' was sy uitroep, „pray bear in mind that the Boers are my children, and I will have none other here for my soldiers''; en op 3 Februarie 1848, nadat hy die berge oor was en die Toegelarivier bereik het, vaardig hy 'n proklamasie uit wat die hele gebied tussen die Vaal- en Oranjerivier en die Drakensberge tot Britse gebied verklaar, die blanke bewoners daarvan weer direk onder die wette van die Kaapkolonie en die gesag van die Kaapse goewerneur stel, en selfs die inboorlinghoofde aan die soewereine opperheerskappy, van die koningin van Engeland onderwerp. Mosjes en Adam Kok word o.a. genoem, maar die naam van Waterboer van Griekwastad kom nie in die proklamasie voor nie, waaruit ons moet aflei dat sir Harry Smith sy aanspraak op grond oos van die Vaalrivier nie erken het nie.

'n Maand later, op 8 Maart 1848, verskyn 'n verdere proklamasie, wat die hele regeringsmag in die geannekseerde ge-



Digitised by the University of Pretoria, Library Services, 2011